Die kontekstuele faktore wat kleuters ondersteun om seksuele misbruik by kleuterskole te openbaar.

A Botha

orcid.org 0000-0003-3664-6471

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die graad Magister Maatskaplike Werk in Forensiese Praktyk by die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof EH Ryke

Gradeplegtigheid: Oktober 2019

Studentenommer: 26375729

VOORWOORD

Hierdie skripsie word ingedien ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister van Maatskaplike Werk in Forensiese Praktyk. Die maatskaplike werk forensiese praktyk kurrikulum bestaan uit 'n totaal van 180 krediete. Die navorsing verteenwoordig 90 van hierdie krediete.

'n Artikel formaat word gebruik om die bevinding van hierdie navorsingstudie uiteen te sit. Dit kom ooreen met Reël HSC.1.2.3.4 van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se jaarboek (2018).

Die eerste afdeling van die verhandeling verskaf 'n literatuuroorsig, probleemstelling en uiteensetting van die navorsingsmetode. In die tweede afdeling word die manuskrip voorberei volgens die riglyne van die joernaal waarin die manuskrip voorgelê sal word. Die derde en laaste afdeling sluit die gevolgtrekkings van die studie in.

Die manuskrip sal vir moontlike publikasie aan LitNet Akademies (Geesteswetenskappe) voorgelê word. Hierdie spesifieke afdeling van LitNet Akademies publiseer artikels van geesteswetenskaplike aard en aanvaar bydraes in Afrikaans. Die navorsingsonderwerp stem dus ooreen met die doel en die omvang van die joernaal. Sien Addendum 5 vir die outeursriglyne van LitNet Akademies.

BEDANKINGS

Hiermee wil die navorser graag die volgende persone, sonder wie se ondersteuing hierdie navorsing nie afgehandel sou kon word nie, bedank.

Prof. Elma Ryke, my studieleier, vir haar toewyding, hulp en ondersteuning.

Elna van Schalkwyk, navorsingsassistent, vir haar toewyding, hulp en ondersteuning.

Koos en Anna-Mare Botha, my ouers, vir hulle hulp, aanmoediging en ondersteuning.

Narette Botha van Schalkwyk vir haar ondersteuning.

Pedro Rankin vir die ko-kodering.

Dr. Johanna de Wet vir die taalversorging.

Marie Engelbrecht vir vertaling van die opsomming na Engels.

Frans du Toit vir die vertaling van die opsomming na Sesotho.

My Hemelse Vader.

OPSOMMING

TITEL: Die kontekstuele faktore wat kleuters ondersteun om seksuele misbruik by kleuterskole te openbaar.

SLEUTELTERME: Kontekstuele faktore, omstandighede, seksuele misbruik, kleuter, onthulling/bekendmaking.

Seksuele misbruik is ‘n probleem wat wêreldwyd onder alle ouderdomsgroepe voorkom. Dit sluit kleuters, gedefinieer as kinders tussen die ouderdom van twee en ses jaar, in. Literatuur meld dat terwyl die bekendmaking van seksuele misbruik eerder die uitsondering as die reël is, kleuters, weens hulle kognitiewe ontwikkelingfase, die ouderdomsgroep is wat meer waarskynlik die seksuele misbruik wat hulle ervaar, bekend sal maak. Die bekendmaking van seksuele misbruik is noodsaaklik om kinders teen verdere seksuele misbruik te beskerm en om hierdie misbruik in Suid-Afrika te verminder. Literatuur het bevind dat kleuters hulle seksuele misbruik, naas ouers en vriende, mees waarskynlik aan onderwysers sal bekend maak. Onderwysers is in die professie waarin hulle die meeste tyd saam met kinders kan spandeer en hulle is in ’n posisie waarin ’n vertrouensverhouding met kinders gebou kan word. Hulle kan vanuit hierdie posisie aan kinders die geleentheid bied om die seksuele misbruik waaraan hulle blootgestel word, bekend te maak. Navorsingstudies het egter getoon dat onderwysers nie oor voldoende kennis met betrekking tot seksuele misbruik beskik nie. Dit is bekend dat kleuters meestal seksuele misbruik deur middel van toevallige onthulling, bekend maak. Kleuters maak ook dikwels seksuele misbruik slegs een keer bekend. Met beter begrip van die kontekstuele faktore waarbinne kleuters seksuele misbruik bekend maak, sal dit moontlik wees om rolspelers soos kleuterskoolonderwysers beter voor te berei om die omstandighede van bekendmaking te identifiseer, beter te benut of selfs te skep. Sodoende kan ’n bydrae gelewer word tot vroeë intervensie en verhoogde rapportering van gevalle van kleuters wat seksueel misbruik word. Forensiese maatskaplike werkers kan baat vind by die bevindinge van hierdie studie, aangesien kennis van die omstandighede waarbinne kleuters misbruik bekend maak, waardevol kan wees tydens die kollaterale ondersoek van die forensiese proses.

Die navorser het tydens hierdie studie ondersoek ingestel oor kleuters wat seksuele misbruik binne kleuterskoolverband bekend maak, met spesifieke fokus op watter faktore binne die kleuterskoolkonteks teenwoordig was tydens hierdie bekendmaking. ‘n Kwalitatief-beskrywende navorsingsmetode is gedurende hierdie navorsingstudie gebruik.

Gedurende die navorsingstudie is bevind dat daar direkte kontekstuele faktore, sowel as indirekte kontekstuele faktore is, wat kleuters ondersteun om seksuele misbruik by kleuterskole

te openbaar. Die direkte kontekstuele faktore wat kleuters ondersteun om sodanige misbruik by kleuterskole te openbaar, is: geleentheid, atmosfeer, kommunikasievaardighede en waarneming. Die indirekte kontekstuele faktore wat kleuters ondersteun om seksuele misbruik by kleuterskole te openbaar, is onderwysers se kennis en insig, kennis van kinders se huislike omstandighede en verwysing van kleuters na kundige persone om die seksuele misbruik te bevestig.

ABSTRACT

TITLE: The contextual factors supporting toddlers to disclose sexual abuse.

KEY TERMS: Contextual factors, circumstances, sexual abuse, toddler, disclosure/notification.

Sexual abuse is a worldwide problem occurring amongst all age groups, including toddlers (defined as a child between the ages of two and six years old). Though the disclosure of sexual abuse is the exception rather than the norm, toddlers, due to their cognitive development phase, are in the age group most likely to disclose any sexual abuse suffered. Literature has shown that children will disclose their sexual abuse, most probably instead to teachers, apart from their parents or friends. Teachers are in the profession where more time is spent with children than any other, thus placing them in a position of trust towards children. This unique position enables them to grant children the opportunity to disclose any sexual abuse to which they might be exposed. Various studies though have shown that teachers seldom have the necessary knowledge regarding sexual abuse. It is a known fact that toddlers more often disclose their sexual abuse quite incidentally. Also, toddlers usually disclose their sexual abuse only once. A better understanding of the contextual factors wherein toddlers discloses their sexual abuse will enable role players like nursery school teachers, to be suitably equipped and prepared to identify and avail themselves of situations predisposed for disclosure, or even of creating such occasions. In this way, it contributes to early intervention and a higher rate of reporting incidences of toddlers' sexual abuse. Findings of this study will benefit forensic social workers on account of information regarding situations wherein children might be enabled to disclose sexual abuse.In this study the researcher investigated incidences where toddlers disclosed sexual abuse at nursery school level, with a special focus on which factors within the nursery school context contributed to the disclosure of the said abuse with the use of a qualitative descriptive research design.

During this study it was found that direct as well as indirect contextual factors exist that contribute to supporting toddlers to disclose sexual abuse at nursery school level. Direct contextual factors enabling toddlers to disclose sexual abuse at their nursery schools are, amongst others: opportunity, an atmosphere of trust and safety, communication abilities and observation. The indirect contextual factors encouraging toddlers to disclose any abuse are: the teachers' knowledge and insight into the problems, available information regarding the children's home environments and the opportunity to refer toddlers to knowledgeable experts in their fields to confirm any sexual abuse.

KAKARETSO

THAETLELE: Mabaka a leng teng a tshehetsang bana ho hlahisa dikolong tsa bana banyenyane ha ba hlekefetswa.

MANTSWE A BOHLOKOWA: Mabaka a leng teng, menyetla, hlekefetso, ngwana monyenyane, ho hlahisa.

Hlekefetso ke bothatha bo hlahang lefatsheng lohle ka hara batho ba dihlopa tsohle tsa dilemo. E kenyeletsa le bana banyenyane ho tloha dilemo tse pedi ho fihela dilemo tse tsheletseng. Dibukeng re ithuta hore ho bongata batho ha ba rate hlahisa ha ba hlekefetswa, empa ke bona bana banyenyane ba ka tsohang ba hlahisa ha ba hlekefetswa. Ho hlokahala haholo hore hlekefetso e hlahiswa hore bana ba ka sireletswa ka hlekefetso e tswelang pele le ho fokotsa hlekefetso moo Afrika Borwa. Dibukeng re ithuta hore bana ba tla hlahisa hlekefetso, ntle ho batswadi le ho metswalle ya bona, haholo ho mesuwe ya bona. Mesuwe ke bona ba qetang nako e ngata le bana mme ba teng moo ba ka kgonang ho aha setswalle sa ho tshepana le bona. Moo ba leng teng ba ka fa bana monyetla wa ho hlahisa ha ba hlekefetswe. Dithuto tse ding di bontshe hore mesuwe ya hloka tsebo e lekaneng mabapi le hlekefetso. Re a tseba hore ka bongata bana banyenyane ba hlahisa ho hleketswa ha bona ka tshohanyetso. Hape ka bongata ba e hlahisa kgetlo e le nngwe feela. Ha re ka utlwisisa hantle dibaka tsa hore bana ba hlahisa ho hlekefetswa, re ka thusa batho jwaloka mesuwe ya bana banyenyane hantle hore ba lemoha menyetla eo bana ba ka hlahisang hlekefetso ka ena, ba e sebedisa hantle kapa ba e etsisa. Ka tsela eo ba ka thusa hore bana ba ka thuswa kapele mme ho tla hlahiswa ke bana ba bangata ba hlekefetswang. Basebeletsi ba setjhaba (social workers) ba sebeletsang tsa molao ba ka thuswa ke tsebo ena, hobane tsebo ya mabaka a hore bana ba hlahisa ho hlekefetswa a ka thusa ha ba hlahloba ditaba.

Motho ya entseng pahlisiso ena a hlahlobe bana ba hlahisang ho hlekefetswa sekolong sa bana banyenyane (crecheng) le ho tsepamisa haholo mabaka a leng teng sekolong ha ngwana a hlahisa jwalo.

Pahlisisong ho fumanwe hore bana ba tshehetswa ho hlahisa ho hlekefetswa ke mabaka a ka hare jwaloka monyetla, kutlwelo ya sebaka, bokgoni ba ho buisana le ho bona. Hape ba tshehetswa ke mabaka a kantle jwaloka tsebo le kutlwisiso ya mosuwe, tsebo ya maemo ya matlung a bana le ka ho romela bana ho batho ba nang le tsebo ya ho bua ka nnete hore ba hlekefetswe kapa tjhee.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD ..... **I**

BEDANKINGS ..... **II**

OPSOMMING ..... **III**

ABSTRACT ..... **V**

KAKARETSO ..... **VI**

HOOFSTUK 1: ORIËNTERING TOT DIE STUDIE **1**

1.1 Kontekstualisering **1**

1.2 Bydrae van die studie **3**

1.3 Probleemstelling **3**

1.4 Navorsingsvraag **4**

1.5 Navorsingsdoel **4**

1.6 Navorsingsmetode **4**

1.6.1 Benadering en ontwerp 4

1.6.2 Navorsingsomgewing (*setting*) 4

1.6.3 Populasie 5

1.6.4 Steekproefmetode 5

1.6.5 Voorgestelde steekproef, steekproefgrootte en motivering 5

1.6.6 Insluitings- en uitsluitingskriteria 6

1.6.7 Beskrywing van prosedure/ tegnieke/ metodes 7

1.6.8 Vertrouenswaardigheid 8

1.6.9 Data-ontledingsmetode 9

1.6.10 Etiese aspekte 11

1.7 Definisie van sleutelterme 17

1.8 Samestelling van die verslag 18

1.9 Bibliografie: 19

HOOFSTUK 2: DIE MANUSKRIP 25

2.1 1. Inleiding en navorsingsprobleem 26

HOOFSTUK 3: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELING 48

3.1 Literatuurstudie 48

3.2 Empiriese studie 48

3.2.1 Metode 49

3.2.2 Die navorsingsomgewing 49

3.2.3 Deelnemers 49

3.2.4 Meetinstrument 50

3.2.5 Etiese aspekte 50

3.3 Data-ontleding 51

3.4 Bevindinge: 51

3.5 Beperkinge van die studie 53

3.6 Persoonlike reflekterings 53

3.7 Aanbevelings 54

3.8 Saamgestelde Bibliografie 56

ADDENDA: 64

ADDENDUM 1: GOEDKEURINGSERTIFIKAAT VAN HEALTH RESEARCH ETHICS COMMITTEE (HREC) 64

ADDENDUM 2: TOESTEMMINGSBRIEWE 65

ADDENDUM 3: INGELIGTE TOESTEMMINGSDOKUMENT 67

ADDENDUM 4: TOESTEMMINGSBRIEF 74

ADDENDUM 5: INLIGTINGSDOKUMENT 76

ADDENDUM 6: OUTEURSRIGLYNE VAN LITNET AKADEMIES TAALMEDIUM 80

ADDENDUM 7: BRIEF VAN TAALVERSORGER: 92

HOOFSTUK 1: ORIëNTERING TOT DIE STUDIE

1.1 Kontekstualisering

Barth, Bermetz, Heim, Trelle en Tonia (2013:477) meld dat seksuele misbruik ’n probleem is wat wêreldwyd onder alle ouderdomsgroepe voorkom. Dit sluit kleuters, gedefinieer as kinders tussen die ouderdom van twee en ses jaar (Louw & Louw, 2007:148) in. Seksuele misbruik van kinders word in Suid-Afrika gedefinieer as: “sexually molesting or assaulting a child or allowing it, encouraging and forcing a child to be used for sexual gratification, or exposing a child to pornography or sexual exploitation of a child” (Children’s Act, 38 of 2005), terwyl die “Criminal Law Sexual Offence and Related Matters Amendment, Act 32 of 2007) seksuele misbruik beskou as enige seksuele daad deur ’n volwasse persoon, met ’n kind (’n persoon onder die ouderdom van 18 jaar), met of sonder die toestemming van die betrokke kind. Die “Criminal Law Sexual Offence and Related Matters Amendment, Act 32 of 2007” spesifiseer die spesifieke dade wat as seksuele misbruik van ’n kind gereken word. Kinders se bekendmaking van seksuele misbruik word beskou as ’n kritieke element in die intervensieproses om kinders se reg tot sekuriteit en veiligheid, asook hulle reg tot gesondheid en vryheid, te verseker (Paine & Hansen, 2002:271).

Terwyl die bekendmaking van seksuele misbruik eerder die uitsondering as die reël is (Collings, Griffiths & Kumalo, 2005:270; McElevaney, Greene & Hogan, 2015:160) vind Goodman-Brown, Edelstein, Goodman, Jones en Gordon (2003:533) en McElvaney, Greene en Hogan (2012:1158) dat kleuters, weens hulle kognitiewe ontwikkelingsfase, die ouderdomsgroep is wat mees waarskynlik die seksuele misbruik wat hulle ervaar, bekend sal maak. Van Huyssteen (2014:50), Goodman-Brown *e.a.* (2003:533) en McElvaney *e.a.* (2012:1158) bevestig dat kleuters, weens hulle kognitiewe ontwikkeling, nie die implikasies van hulle bekendmaking, asook die regsprosesse wat die bekendmaking tot gevolg het, verstaan nie en daarom binne die regte konteks misbruik bekend sal maak.

Dit is bekend dat kleuters seksuele misbruik meestal toevallig onthul (Paine & Hansen, 2002:274) en soms slegs een keer (Esposito, 2013:1). Daarom is dit noodsaaklik om die kontekstuele faktore wat tot bekendmaking van sodanige misbruik kan lei, beter te verstaan. Paine en Hansen (2002:294) het in hulle omvattende literatuurstudie ten opsigte van kliniese en navorsingstudies bevind dat die faktore wat bekendmaking inhibeer, reeds deegliks nagevors is, maar dat die faktore wat bekendmaking sal aanmoedig, of moontlik maak, nog nie goed verstaan en ondersoek is nie. Die skrywers maak die volgende stelling: “… many researchers and clinicians have identified the need for increased knowledge regarding the circumstances of

children's disclosure." London, Bruck, Ceci en Shuman (2005:194) bevestig dat navorsing nodig is met betrekking tot omstandighede waarbinne kleuters seksuele misbruik bekend maak. Paine en Hansen (2002:280) vind dat slegs enkele kontekste waarbinne bekendmaking gedoen is, reeds ondersoek is, naamlik die mediese- en ouerhuis of versorgingskonteks. Aspekte wat in hierdie kontekste bekendmaking moontlik gemaak en ondersteun het, was dat die kind geglo en ondersteun is toe bekendmaking plaasgevind het. In 2011 is 'n kwalitatiewe navorsingstudie deur Finn gedoen waar sy ondersoek ingestel het na die kontekstuele faktore wat die bekendmaking van seksuele misbruik teenoor forensiese verpleegsters bevorder het (Finn, 2011:11). Dertig onderhoude is gedurende hierdie navorsingstudie gedoen (Finn, 2011:30). Die data is deur middel van 'n narratiewe ondersoekende navorsingsmetode geanaliseer (Finn, 2011:31). In hierdie studie is gevind dat die volgende kontekstuele faktore die bekendmaking van seksuele misbruik bevorder het (Finn, 2011:118):

- Om 'n kind-vriendelike omgewing te skep.
- Om 'n verhouding met die kind te bou en om die kind se vertroue te wen.
- Om na die kind te luister binne 'n veilige omgewing.
- Om binne die kind se ontwikkelingsfase met die kind te kommunikeer.
- Om oop-einde vrae te vra, wat die kind toelaat om narratiewe inligting te deel.
- Om die kind te bemagtig en te aanvaar.
- Om die kind onvoorwaardelik te glo.
- Om bewus te wees van die moontlikheid dat die kind moontlik 'n vals-bekendmaking van seksuele misbruik kan maak.

Krase (2013:147) het bevind dat kinders seksuele misbruik, benewens aan ouers en vriende, meer waarskynlik aan onderwysers bekend sal maak. Onderwysers is ook in 'n professie waartydens hulle die meeste tyd saam met kinders spandeer. Briggs en Hawkins (1997:7) maak byvoorbeeld die volgende stelling: "No other professionals have such close, continuous, daily contact with child abuse victims on a day-to-day, long term basis or have such an extensive knowledge of the children in their care." Krase (2013:147) ondersteun Briggs en Hawkins se stelling deur in sy studie te meld dat onderwysers in 'n posisie is waar hulle 'n vertrouensverhouding met kinders kan bou en dat hulle vanuit hierdie posisie vir kinders die geleentheid kan bied om die seksuele misbruik waaraan hulle blootgestel word, bekend te kan

maak. Hoewel internasionale navorsing bevestig dat onderwysers dikwels nie oor voldoende kennis aangaande seksuele misbruik beskik nie (Goldman & Grimbeek, 2015; Sinanan, 2011:60) en die Suid-Afrikaanse Parlement dit in die dokument, *Sexual abuse in Schools: Submission by the Department of Education to task group on Sexual abuse in schools* (2017) bevestig dat Suid-Afrika ook ’n probleem ervaar rakende onderwysers se kennis ten opsigte van seksuele misbruik, is die kontekstuele faktore binne kleuterskoolverband nog nie ondersoek nie.

Teen hierdie agtergrond wil die navorser met hierdie studie ondersoek instel oor kleuters wat seksuele misbruik binne kleuterskoolverband bekend maak, met ’n spesifieke fokus op watter faktore binne die kleuterskoolkonteks teenwoordig was tydens sodanige bekendmakings. Dey (2001:4) definieer kontekstuele faktore as enige inligting wat gebruik kan word om ‘n situasie van ‘n spesifieke enititeit te kenmerk. Kontekstuele faktore word verder deur Kronsbein, Meiser en Leier (2014:988) gedefinieer as ‘n kombinasie van alle implisiete en eksplisiete omstandighede wat ‘n situasie beïnvloed. Kontekstuele faktore in hierdie navorsingstudie verwys na die kleuterskool en -onderwyser as die **konteks** en **faktore** na die omstandighede wat teenwoordig was toe die kleuter seksuele misbruik bekend gemaak het, wat vervolgens bekendmaking ondersteun en moontlik gemaak het.

Met hierdie navorsingstudie sal daar gebruik gemaak word van deelnemers in ’n plattelandse skooldistrik in die Noord-Vrystaat. Die kleuterskole in hierdie distrik bedien kleuters van verskillende etniese groepe en tale. Aangesien die skole in die Vrystaat Provinsie hoofsaaklik landelik is (Provincial Government Free State, 2003:10), sal hierdie kleuterskole en die onderwysers wat daar werk, as soortgelyk aan kleuterskole in die landelike gebiede van die Vrystaat Provinsie beskou kan word.

1.2 Bydrae van die studie

Met beter begrip van die kontekstuele faktore waarbinne kleuters seksuele misbruik bekend maak, sal dit moontlik wees om die omstandighede van bekendmaking te identifiseer, dit beter te benut, of selfs te skep. Dit kan ’n bydrae lewer tot vroeë intervensie en verhoogde rapportering van gevalle waar kleuters seksueel misbruik word. Kennis van die omstandighede waarbinne kleuters seksuele misbruik bekend maak, kan vir forensiese maatskaplike werkers tydens die kollaterale ondersoek van die forensiese proses waardevol wees.

1.3 Probleemstelling

Kleuters is weens hulle spesifieke kognitiewe ontwikkelingfase, die mees waarskynlike ouderdomsgroep om seksuele misbruik bekend te maak, hoewel hulle dit meestal toevallig doen. Dus moet die klem op kleuters geplaas word, wanneer die bekendmaking van seksuele

misbruik bevorder wil word. Kinders maak meestal seksuele misbruik, naas hul ouers en vriende, aan onderwysers bekend. Die faktore wat bekendmaking inhibeer, is al deeglik nagevors, terwyl min navorsing nog gedoen is oor die faktore wat bekendmaking sal aanmoedig of moontlik maak. Teen hierdie agtergrond wil die navorser met hierdie studie ondersoek instel oor kleuters wat seksuele misbruik binne kleuterskoolverband bekendgemaak het, met 'n spesifieke fokus op watter kontekstuele faktore tydens sodanige bekendmakings teenwoordig was.

1.4 Navorsingsvraag

Wat is die kontekstuele faktore wat kleuters ondersteun om hulle seksuele misbruik by kleuterskole te openbaar?

1.5 Navorsingsdoel

Die navorsingsdoel is om die kontekstuele faktore wat kleuters ondersteun om seksuele misbruik by kleuterskole te openbaar, te beskryf.

1.6 Navorsingsmetode

1.6.1 Benadering en ontwerp

Aangesien min bekend is oor die omstandighede waarbinne kleuters seksuele misbruik aan onderwysers bekend maak, het die navorser van 'n kwalitatief-beskrywende navorsingsmetode (Babbie & Ruben, 2015:46, 61) gebruik gemaak. Die metode het die navorser in staat gestel om kleuterskoolonderwysers se ervaring en waarnemings beter te verstaan en te beskryf. Dié benadering was meer buigsaam as 'n kwantitatiewe benadering (Babbie & Ruben, 2015:46) en het die navorser in staat gestel om die navorsingsprosedure aan te pas en te verbeter, na gelang die navorsingstudie gevorder het. Die doel hiermee was om dieper en ryker inligting in te samel. Voordat enige wysigings aan die navorsingsprosedures gemaak is, was die nodige toestemming eers vanaf HREC bekom.

1.6.2 Navorsingsomgewing (*setting*)

Die omgewing waarbinne die navorsing onderneem is, is distrikte in 'n plattelandse skooldistrik in die Noord-Vrystaat. Die kleuterskole in hierdie distrikte bedien kleuters van verskillende etniese groepe en tale. Aangesien die skole in die Noord-Vrystaat hoofsaaklik landelik is (Provincial Government Free State, 2003:10), word hierdie kleuterskole en die onderwysers wat daar werk, as soortgelyk aan kleuterskole in die landelike gebiede van die Vrystaat Provinsie beskou.

1.6.3 Populasie

Alvi (2016:10) definieer ’n populasie as alle lede wat aan ‘n spesifieke kriteria wat deur die navorsingondersoek gespesifiseer word, voldoen. Die populasie relevant tot die navorsingsvraag in hierdie studie was kleuterskoolonderwysers met persoonlike ervaring van kleuters wat seksuele misbruik bekend gemaak het. Die doel van die studie was om dieper begrip te vorm van die kontekstuele faktore wat kleuters ondersteun, om hulle seksuele misbruik binne kleuterskole te openbaar en nie om die bevindinge te veralgemeen na die spesifieke populasie toe nie. Die demografiese afbakening van die populasie was skooldistrikte in die Noord-Vrystaat. Die kleuters wat hierdie skole bywoon, sowel as die betrokke onderwysers, was van verskillende etniese groepe en tale.

1.6.4 Steekproefmetode

Die navorsingstudie het van ’n doelgerigte steekproefmetode (Babbie & Ruben, 2015:222) gebruik gemaak. Die navorser het die steekproef in een skooldistrik in die Noord-Vrystaat begin, en dit het later uitgebrei na omliggende area’s. Die navorser het aan die einde van die studie navorsingsdeelnemers by 31 kleuterskole gewerf.

Die rede vir die besluit om ‘n doelgerigte steekproefmetode binne hierdie skooldistrik te volg, was omdat hierdie kleuterskole vergelykbaar is met die meerderheid kleuterskole in die distrik. ’n Verdere oorweging was toeganklikheid, wat ’n belangrike oorweging was aangesien onderhoude gevoer moes word en dit reis-implikasies vir die navorser ingehou het. Hierdie navorsingstudie het ook tydimplikasies vir die navorser ingehou omdat die studie in ’n betreklik kort tydperk voltooi moes word.

Ten einde die privaatheid van die skole te beskerm, word die skooldistrikte en name van die skole nie in die navorsingsverslag genoem nie.

1.6.5 Voorgestelde steekproef, steekproefgrootte en motivering

Volgens Strydom en Delport (2011:391) is kwalitatiewe steekproewe minder gestruktureerd en meer buigsaam as kwantitatiewe steekproewe en daarom was dit geskik vir hierdie studie. Patton (2002:244) sowel as Strydom en Delport (2011:392) meld dat steekproefgrootte in kwalitatiewe navorsing nie die primêre oorweging is nie, maar wel die diepte of kwaliteit van inligting wat vir die studie benodig word. Guest, Bunce en Johnson *(*2006:76) het in ’n navorsingstudie wat deur hulle hersien is, bevind dat 12 deelnemers voldoende was om data-versadiging te bereik wanneer die doel van die studie is om ’n ooreenkomstige persepsie of denkwyse van ’n homogene groep te bepaal. Volgens Young en Casey (2018:11) kan sommige

kwalitatiewe navorsingstudies ryk bevindinge met relatiewe klein steekproefgroottes toon. Young en Casey (2018:11) noem faktore wat bydra tot die vermoë om deeglike bevindinge met klein steekproef groottes te maak. Hierdie faktore sluit in dat deelnemers vooraf vasgestelde kriteria moet hê, dat die deelnemers soortgelyke ervarings moet beskryf en dat die navorsingsonderhoude semi-gestruktureerd moet wees. Die navorser het navorsingsdeelnemers by 31 kleuterskole gewerf. Twee onderwyseresse en een assistent-onderwyseres was geskik en bereid om aan die navorsingstudie deel te neem. Hierdie navorsingstudie het dus ‘n klein steekproef gehad, maar die studie het voldoen aan die drie genoemde faktore soos beskryf deur Young en Casey (2018:11).

Die navorser het van die deelnemers verwag:

Dat hulle aan ’n onderhoud wat ongeveer 45-60 min sou neem, moes deelneem.

Dat hulle vrae moes beantwoord wat vereis het dat hulle moes terugdink aan ’n insident waar ’n kleuter seksuele misbruik onthul het.

Dat hulle op enige stadium uit die navorsingsproses kon onttrek.

Dat die onderhoudvoerder sou poog om die deelnemers van die begin af so gemaklik as moontlik te laat voel en dat sy hulle met respek sou behandel.

Kwesbaarheid. Die deelnemers aan hierdie studie was volwassenes en hulle was nie deel van ’n kwesbare groep nie.

Aansporing of vergoeding. Na afloop van die onderhoud is vergoeding, in die vorm van R25 per uur, aan elke deelnemer oorhandig, vir hul tyd en moontlike ongerief. As blyk van waardering is ‘n inligtingsdokument (Kyk Addendum 5) ook deur die navorser aan elke deelnemer oorhandig. In bogenoemde inligtingsdokument is die stappe, sowel as die kontakbesonderhede wat kleuterskoolonderwysers kan volg indien hulle met ‘n kind gekonfronteer word wat moontlik seksueel misbruik word, uiteengesit.

1.6.6 Insluitings- en uitsluitingskriteria

Kleuterskoolonderwysers teenoor wie ’n kleuter alreeds seksuele misbruik onthul het, asook kleuterskoolonderwysers wat vermoed het dat ‘n kleuter seksuele misbruik onthul het.

Kleuterskoolonderwysers van enige kultuur of etniese groep.

Die navorsingsdeelnemers moes Afrikaans of Engels magtig wees, sodat effektiewe kommunikasie gedurende die navorsingsonderhoude kon plaasvind.

Geen uitsluitingskriteria is vir die steekproef gestel nie.

1.6.7 Beskrywing van prosedure/ tegnieke/ metodes

Die doel van die navorsingstudie was om die omstandighede waarbinne kleuters seksuele misbruik bekend maak, te verstaan en te beskryf. Die data is deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude (Babbie & Ruben, 2015:168) ingesamel. Die onderhoude is buigsaam hanteer sodat dit by elke deelnemer kon aanpas.

Die navorser het onder andere gebruik gemaak van bevindinge van Finn (2011), Halperin, Bouvier, Jaffe, Mounound, Laederach, en Rey Wisky (1996) en Mathews (2009) om die vrae vir die onderhoudskedule op te stel. Die volgende vrae is ingesluit:

Vertel my van ’n spesifieke insident waartydens ’n kleuter seksuele misbruik bekend gemaak of vermoedelik bekend gemaak het.

Verkennende (probing) opvolgvrae: Vertel my meer van die wyse waarop die kleuter sy of haar seksuele misbruik bekend gemaak het. Wat het daartoe aanleiding gegee? Wanneer en waar het dit plaasgevind?

Is daar enigiets anders wat jy as belangrik beskou, rakende die onthulling van seksuele misbruik, of iets wat jy wil byvoeg?

Die volgende prosedure is tydens die onderhoudvoering gevolg:

’n Kort verhoudingsbou fase, om die doel van die onderhoud, asook wat van die deelnemer verwag word, aan die navorsingsdeelnemer te verduidelik.

Die deelnemer is daarna versoek om ’n kort biografiese vraelys in te vul. Hierdie vraelys het die navorser gehelp om ’n profiel van die deelnemers saam te stel. Deur hierdie vraelys is gepoog om antwoorde te verkry oor onder andere die volgende: Die ervaring waaroor die navorsingsdeelnemers as kleuterskoolonderwysers beskik en of die navorsingsdeelnemers op daardie stadium in die onderwys was.

Vrae oor die kleuter se onthulling, of vermoedelike onthulling.

Afsluiting: ’n Samevatting van die onderhoud, deur vir die deelnemers die geleentheid te bied om vrae te vra, en die deelnemer te bedank.

1.6.8 Vertrouenswaardigheid

Volgens Lincoln en Guba (1999) soos aangehaal deur Schurink, Fouchè en De Vos (2011:419) is daar vier komponente waaraan die betroubaarheid van ’n kwalitatiewe navorsingstudie gemeet word. Hierdie komponente is geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestiging. Geloofwaardigheid word as die belangrikste komponent geag (Schurink *e.a*. 2011:419).

Die geloofwaardigheid van ’n kwalitatiewe studie behels dat die navorsing op ’n betroubare en geloofwaardige wyse verwerk is (Schurink *e.a*. 2011:419). ’n Risiko in kwalitatiewe navorsing is dat navorsers soms hulle eie opinie op die navorsingsinligting kan projekteer. Ten einde dit te voorkom, het die navorser seker gemaak dat die navorsingsinligting op ’n objektiewe wyse geïnterpreteer en weergegee is. Spesifieke strategieë wat gevolg is, was deurlopende waarneming van eie aannames en vooroordele.

Die navorser het gedurende die navorsingstudie gebruik gemaak van veldnota’s. Veldnota’s word deur Thomas (2015:133) in “The SAGE Dictionary of Qualitative Inquiry” gedefinieer as notas wat deurlopend gedurende die navorsingsprojek deur die navorser gemaak word. Hierdie veldnota’s sluit gedrag, aktiwiteite, gebeurtenisse en enige ander waarneming in. Die doel van hierdie veldnota’s soos genoem deur Thomas (2015:133) is dat die navorser die veldnota’s wat as bewyse dien, sal deurlees, sodat die navorser die sosiale situasie of die fenomeen wat bestudeer word, sal verstaan en betekenis daaraan sal gee.

Die navorser, navorsingsassistent en die studieleier het dikwels besprekings gehou oor gebeurtenisse en inligting wat gedurende die onderhoude na vore gekom het. Op hierdie wyse kon verskillende opinies rakende gebeurtenisse en inligting gedurende die navorsingstudie ingevorder word en akkurate konklusies rakende die gebeurtenisse en inligting kon gevorm word.

Die navorser het verder gebruik gemaak van lid-kontrolering of “member checking” soos beskryf deur Creswell (2007:126). Volgens Lincoln en Guba, soos aangehaal deur Creswell (2007:126), is lid-kontrolering een van die belangrikste komponente in die proses om die kredietwaardigheid van ’n kwalitatiewe navorsingstudie te bepaal. Lid-kontrolering behels dat die navorser aan die einde van elke onderhoud ’n opsomming aan die navorsingsdeelnemer gee oor die inligting wat reeds bekom is, asook oor haar interpretering daarvan. Die navorsingsdeelnemers sal na die opsomming die geleentheid gebied word om die navorsingsdata en die interpretering van die navorsingsdata te bevestig of te verwerp.

Die objektiwiteit van die navorsingstudie word deur middel van lid-kontrolering versterk deurdat die navorsingsdeelnemers die geleentheid gebied word om enige vals inligting of subjektiewe mening te verwerp. Lid-kontrolering help dus om die betroubaarheid van die navorsingstudie te versterk.

Die navorser het ook gebruik gemaak van Stepwise se repliseringsmetode ("co-coder" metode). Soos beskryf deur Anney, Daren en Salaam (2014:278) word die navorsingsdata deur twee navorsers afsonderlik geanaliseer en daarna vergelyk. Enige verskille wat deur die navorsers gevind word, moet dan deurgewerk word, totdat die navorsers gesamentlik tot 'n konklusie rakende die verskil kom. Prof. Rankin, het as mede-kodeerder opgetree.

Volgens Schurink *e.a*. *(*2011:420) beteken die oordraagbaarheid van 'n navorsingstudie die mate waartoe die resultate van die navorsingstudie na ander situasies en gevalle oorgedra kan word. Ten einde oordraagbaarheid te verhoog, het die navorser die navorsingsmetode in fyn besonderhede beskryf.

Schurink *e.a. (*2011:420) beskryf afhanklikheid as die mate waarin die navorsingsproses logies, goed gedokumenteer en geouditeer is. Die navorser het die navorsingsproses deurlopend met haar studieleier bespreek. Die navorser het na afloop van die navoringprosedure die navorsingsproses en navorsingsbevindinge gedokumenteer. Die navorser het die navorsings-assistent en studieleier versoek om dit deur te lees en vir haar die nodige leiding te gee. Die navorser het ook van dr. De Wet (Kyk Addendum 7) gebruik gemaak om die navorsingdokument taalkundig te redigeer.

Die konsepbevestiging dui daarop dat die resultate van die navorsingstudie deur ander navorsingstudies en ook in die literatuur bevestig word (Schurink *e.a*. 2011:419). Die navorser het dus die navorsingsresultate met ander navorsingstudies vergelyk en op hierdie wyse die navorsingsresultate bevestig.

Al vier bogenoemde komponente is gedurende die navorsingsprojek in ag geneem en geïmplementeer.

1.6.9 Data-ontledingsmetode

Die navorser het self die navorsingsdata geanaliseer, georden, gestruktureer en betekenis daaraan gegee (Schurink *e.a.* 2011:397).

Die navorser het dit gedoen deur gebruik te maak van Eaves (2001:658) se "Line-by-line (in-vivo-coding)" analiseringsmetode. Hierdie analiseringsmetode behels die volgende:

- Haal sleutelwoorde uit die transkribering. Die sleutelwoorde kan onderstreep word of langs die paragrawe neergeskryf word.

- Maak ’n lys van al die sleutelwoorde. ’n Kort opsomming word dan van die woorde gemaak om die hoofidee van die sleutelwoorde vas te vang. Die data word daarna georganiseer en kodes word gevorm.

- Voeg kodes saam om kode-frases te vorm.

- Voeg kode-frases saam om “clusters” te vorm en voeg daarna die “clusters” saam om mega-“clusters” met etikette te vorm. Die etikette word later konsepte.

- Voeg konsepte met ooreenkomste later saam om kategorieë te vorm. Kategorieë is klassifikasies van konsepte, wat ontdek is toe kodes met mekaar vergelyk is en wat ooreenkomstige verskynsels gehad het.

- Identifiseer sub-kategorieë. Sub-kategorieë word gedefinieer as karakter-eienskappe van die verskynsel.

- Bewerkstellig koppeling om konseptuele orde in die data te bewerkstellig. Dit kan gedoen word deur vrae rakende die verhouding tussen die data te vra, om die data teen mekaar te toets of om literatuur te gebruik en verhoudings tussen die verskillende kategorieë te vergelyk.

- Identifiseer hoofkategorieë. Die hoofkategorieë dui op die hoofonderwerp of -tema van die navorsing. Eaves (2001:659) meld dat daar meer as een hooftema of onderwerp in ’n navorsingstudie kan wees.

- Een spesifieke hoofkategorie lei tot die ontdekking van ’n sosiale proses.

Nadat die navorser Eaves (2001:658) se “Line-by-line (in-vivo-coding)” gevolg het, het die navorser die analiseringsmetode soos uiteengesit deur Babbie en Ruben (2015:366) gevolg. Hierdie metode is oorspronklik deur Glaser en Strauss (1967) beskryf. Dit behels die volgende:

- **Vergelyk insidente wat gepas is vir elke kategorie:** Elke kategorie bestaan uit verskillende konsepte. Wanneer ’n konsep in een geval voorkom, moet die navorser bewyse van soortgelyke konsepte in ander gevalle gaan soek.
- **Integreer verskillende kategorieë:** Die navorser begin tipe verhoudings vind tussen die verskillende konsepte. ’n Analitiese interpreteerder, wat nie by die navorsing betrokke is nie, kan help met hierdie stap deur die data te hersien.
- **Bepaal die omvang van die teorie:** Na gelang die patrone van die verhouding van die konsepte duideliker word, word die navorser toegelaat om sekere konsepte te ignoreer indien dit irrelevant tot die navorsingprojek is. Soos van die kategorieë en konsepte verminder word, behoort die teorie op sigself duideliker te word.
- **Skryf die teorie:** Stel jou bevindinge saam. Rapporteer die ooreenkomste en teenstrydighede in die navorsingsdata.

Die navorser het ook gebruik gemaak van Stepwise se repliseringsmetode (“co-coder” metode). Soos voorgeskryf deur Anney *et al.* (2014:278) is die navorsingsdata deur die navorser asook deur ’n ander navorser, Prof. Rankin, op die bogenoemde wyse geanaliseer en daarna vergelyk. Enige verskille wat gevind was, is daarna deurgewerk totdat die navorsers gesamentlik tot ’n konklusie rakende die verskil gekom het.

1.6.10 Etiese aspekte

Datt (2016:1) meld dat etiese oorwegings 'n belangrike element in navorsing vorm. Die navorser moet voldoen aan die navorsingsdoelwit wat daargestel word om kennis uit te brei en foute te voorkom. Verder stel dit navorsingsetiek-vakkundiges in staat om saam met eweknieë, mentors en ander bydraers tot die studie, te werk. Simelane-Mnisi (2018:1) beklemtoon die belangrikheid van etiek in navorsing. Banks, Armstrong, Carter, Graham, Hayward, Henry, Holland, Holmes, Lee, McNulty, Moore, Nayling, Stokoe en Strachan (2013:4) meld dat dit standaard praktyk is dat navorsing deur ‘n etiese komitee by die betrokke instelling goedgekeur moet word, voordat die studie geloods mag word. Hierdie navorsingstudie is deur die *Health Research Ethics Committee* (HREC) van die NWU se Fakulteit Gesondheidswetenskappe goedgekeur. Die goedkeuringsertifikaat word as ‘n addendum aangeheg (Kyk Addendum 1).

Die etiese standaarde wat in hierdie studie gevolg is, word vervolgens beskryf.

Werwingsprosedure en ingeligte toestemming: Die navorsingsdeelnemers is by 31 skole in verskeie distrikte in die Noord Vrystaat gewerf. Die volgende stappe is gevolg:

Die **navorsingsassistent**, as onafhanklike persoon, het per afspraak, die navorsingsprojek aan die 31 kleuterskole se skoolhoofde gaan verduidelik. Dit het die navorsingsdoel en navorsingsmetodes ingesluit. Dit is duidelik gekommunikeer dat skole se privaatheid gerespekteer sou word deur nie die skole se name in enige dokumentasie rakende die navorsing te noem nie. Hierdie inligting was alles in die toestemmingsbrief vervat wat aan die hoof oorhandig was (Kyk Addendum 2). Elke skoolhoof het aangedui wie die outoriteit gehad het om die skriftelike toestemming te gee. Hierdie roete is daarna gevolg om die nodige toestemming te verkry. Die skoolhoofde/eienaars of beheerliggame van die skole het dus die rol van **hekwagters** vertolk.

Nadat skriftelike toestemming (wetlike en goedwillige soos van toepassing) verleen is, het die navorsingsassistent die skoolhoofde versoek om die kleuterskoolonderwysers oor die navorsingstudie in te lig en om duidelik te maak dat deelname vrywillig en in hul privaat hoedanigheid sou wees en dat ’n navorsingsassistent die navorsing meer volledig sou kom verduidelik. Die skoolhoofde het dus ook die **mediatorrol** vertolk.

Die navorsingsassistent het daarna per afspraak die navorsing by elke skool aan die onderwysers verduidelik. Die navorsingsdeelnemers is ook gedurende die afspraak die geleentheid gegun om vrae te vra rakende die navorsingsprojek. ‘n Inligtings- en toestemmingsdokument is by die potensiële deelnemers gelaat (Kyk Addendum 3). Die navorsingsdeelnemers wat bereid was om aan die studie deel te neem, het na ‘n periode van vyf dae die toestemmingsdokument in die teenwoordigheid van die navorsingsassistent onderteken. Die navorsingsassistent het die dokument as mede-ondertekenaar onderteken.

Nadat die ingeligte toestemmingsvorms onderteken is, het die navorser die name van die deelnemers ontvang. Die navorser het daarna die deelnemers geskakel om ’n onderhoud te skeduleer op ’n plek en tyd wat vir die deelnemer geleë was.

Wetlike toestemming: Alle vroeëontwikkelingsentrums (insluitende kleuterskole) met meer as ses kinders, moet ingevolge Artikel 30 van die “Children’s Act, 38 of 2005” by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling registreer, maar dit kan steeds privaat entiteite wees. Volgens die dokument “Guidelines for early childhood developement services” (Department of Social Development, 2006:37) moet alle kleuterskole ook deur die Departement van Onderwys goedgekeur word. Dus het die navorser wetlike toestemming van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling asook van die Departement van Onderwys nodig. Die navorser het die Departement van Onderwys, sowel as die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, skriftelik versoek (met al die nodige dokumentasie vir toestemming) om die navorsingstudie uit te voer. Die Departement van Onderwys het die nodige toestemming aan die navorser verleen.

Die navorser het verskeie onsuksesvolle pogings aangewend om die nodige toestemming van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te verkry. Weens diè verskeie onsuksesvolle pogings om die nodige toestemming van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te verkry, het die navorser en haar studieleier teruggekeer na die Noordwes Universiteit se etiese komitee (HREC) om die nodige toestemming te kry om voort te gaan met die navorsingsprojek, sonder die nodige toestemming vanaf die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Nadat die etiese komitee (HREC) deur die navorser en haar studieleier skriftelike versoek is, het hulle die versoek goedgekeur. Die nodige toestemming van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is gelig en die navorsingsprojek kon voortgaan sonder die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se toestemming. (Kyk Addendum 4).

Goedwillige goedkeuring. Die navorser het goedwillige goedkeuring van elke kleuterskool se skoolhoofde/eienaars verkry omdat die navorser die navorsingstudie wou bekendstel en deelnemers op die skoolterrein wou werf (Kyk Addendum 2).

Ingeligte toestemming. Deelname aan die navorsingsprojek was vrywillig. Die navorsingsassistent het die deelnemers vooraf volledig ingelig oor die navorsingprojek, navorsingsmetodes en voordele van die projek, asook risiko's wat met die projek gepaard kon gaan. Elke deelnemer is gevra om 'n toestemmingsdokument te voltooi. Hierdie dokument het al die inligting rakende die navorsingsprojek bevat. Die navorsingsassistent het die inhoud van die toestemmingsvorm ook mondeling met elke deelnemer deurgewerk, sodat elke deelnemer presies verstaan het waaroor die navorsingprojek handel en wat die projek van deelnemers sou verwag. Die navorsingsassistent het daarna, as getuie, die brief saam met die deelnemer onderteken.

Na afloop van die onderhoud is vergoeding, in die vorm van R25 per uur, aan elke deelnemer oorhandig, vir hul tyd en moontlike ongerief. As blyk van waardering is 'n inligtingsdokument ook deur die navorser aan elke deelnemer oorhandig. In genoemde inligtingsdokument is die stappe, sowel as die kontakbesonderhede, uiteengesit wat kleuterskoolonderwysers kan volg indien hulle met 'n kind gekonfronteer word wat moontlik seksueel misbruik word.

Take van die navorser, navorsingsassistent en studieleier.

Navorser: Die voer van onderhoude met die navorsingsdeelnemers, die verwerking van die navorsingsdata, die skryf van die skripsie.

Navorsingsassistent: Die navorsingsassistent het as 'n onafhanklike persoon in die navorsingstudie opgetree. Sy het die navorsingsprojek by elk van die skole bekendgestel, toegesien dat die navorsingsdeelnemers die toestemmingsdokument voltooi en dit daarna as

mede-ondertekenaar onderteken. Sy was na afloop van die onderhoude beskikbaar om ontlonting (*debriefing*) met die navorsingsdeelnemers wat moontlik negatiewe gevoelens gedurende die onderhoude ervaar het, te doen. Op hierdie wyse kon die negatiewe gevoelens wat gedurende die navorsingsonderhoude deur die navorsingsdeelnemers ervaar was, hanteer word. Die ontlonting van navorsingsdeelnemers se negatiewe gevoelens het by die kleuterskole waar die kleuterskoolonderwysers werk of op 'n plek soos deur die deelnemer verkies, plaasgevind.

Studieleier: Om vir die navorser gedurende die navorsingstudie deurlopend leiding en raad te bied en om te moniteer dat die studie uitgevoer word soos goedgekeur, ten einde te verseker dat die studie aan wetenskaplike en etiese standaarde voldoen.

Fasiliteite. Die navorsingsdeelnemers is 'n keuse gegee waar hulle die navorsingsonderhoude wou doen. Die onderhoude het by die skole plaasgevind. 'n Stemopnemer is gedurende die onderhoude gebruik om die onderhoude op te neem.

Risiko's en voorsorgmaatreëls: Volgens die Noordwes Universiteit se dokument, *Rick levels descriptors for human participants* (NWU, 2006:3) het hierdie studie matige risiko's vir die navorsingsdeelnemers ingehou. In die volgende tabel word die risiko's en voorsorgmaatreëls om die risiko's te beperk, uiteengesit.

Tabel 1.1: Risiko's en voorsorgmaatreëls

Risiko's	Voorsorgmaatreëls
Die navorsingsonderwerp was 'n sensitiewe onderwerp wat emosionele ongemak by die deelnemers kon veroorsaak wanneer hulle gebeurtenisse rakende seksuele misbruik met kinders moes herroep. Die onderhoud kon negatiewe gevoelens by die deelnemer ontlok.	Dit is ondervang deur sensitief waar te neem hoe die deelnemer in die onderhoud reageer, deur terugvoer te vra, en 'n geleentheid vir ontlonting aan die einde van die onderhoud te bied. Deelnemers is ingelig dat hulle van een gratis sessie vir ontlonting van die dienste van die navorsingsassistent gebruik kon maak, indien hulle 'n behoefte daaraan sou ervaar.
Deelnemers kon huiwerig voel dat hulle die privaatheid van kinders en ouers van die skool mag skend.	Die deelnemers is nie gevra om identifiserende besonderhede van kinders en/of ouers bekend te maak nie. Die navorsingsassistent, transkribeerder en mede-kodeerder het 'n vertroulikheids-

Risiko's	Voorsorgmaatreëls
	ooreenkoms onderteken nadat die belangrikheid van vertroulikheid met hulle bespreek is.
'n Verdere persoonlike risiko was dat die "Children's Act, 38 of 2005" en "Criminal Law Sexual Offence and Related Matters Amendment, Act 32 of 2007" alle onderwysers verplig om seksuele misbruik of vermoedens van seksuele misbruik van kinders aan te meld. Indien die navorsingsdeelnemers nie die seksuele misbruik van kleuters sou aanmeld nie, kon hulle vrees vir vervolging.	Die deelnemers is nie gevra of die betrokke seksuele misbruik saak aangemeld is, al dan nie. Daar het egter nie 'n wetlike plig op die navorser gerus om die onderwyser te rapporteer nie. Die navorser het wel na afloop van die onderhoud 'n inligtingsdokument oorhandig met 'n uiteensetting van die wetlike plig van onderwysers, die stappe wat gevolg moet word en kontakpersone indien hulp met die proses benodig word.
Daar was ook 'n risiko vir die beeld van die kleuterskool indien die breër gemeenskap seksuele misbruik sou kon koppel aan die kleuterskool waar die deelnemende kleuterskoolonderwyser, werk en weens vrees en persepsie, hul kinders kon onttrek.	Die onderhoude het na skoolure by die skole plaasgevind en die rede vir die navorser se besoek aan die skole is nie bekend gemaak nie. Die identiteit van die kleuterskole, die navorsingsdeelnemers en die betrokke kleuterskoolleerders is vertroulik hanteer.

Die kennis/data wat gedurende die navorsingsprojek ingewin is, was egter meer waardevol as die risiko's wat die navorsingstudie vir deelnemers ingehou het.

Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid. 'n Risiko in hierdie studie was dat deelname nie anoniem sou bly nie, omdat onderhoude met deelnemers gevoer moes word. Die deelnemers se privaatheid was dus beperk. Vertroulikheid was daarom in hierdie studie 'n hoë prioriteit. Die identiteit van die kleuterskole waar die navorsingstudie plaasgevind het, sowel as van die kleuterskoolonderwysers wat aan die studie deelgeneem het, en die betrokke kleuterskoolleerders moes beskerm geword het. Eerstens het die navorsingsassistent 'n gedragskode onderteken waarin die maatreëls ten opsigte van privaatheid en vertroulikheid uitgespel was. Die navorser en studieleier het elkeen ook 'n soortgelyke gedragskode onderteken. Tweedens het slegs die navorser en die mede-data-analiseerder met die data van die navorsingsprojek gewerk. Die onderhoude met deelnemers is opgeneem, maar die

stemopnames is na die transkribering vernietig. Die geskrewe en verwerkte data is slegs op die navorser se persoonlike rekenaar gestoor. Slegs die navorser het toegang tot die rekenaar gehad en die rekenaar het ŉ wagwoord vir beskerming daarop gehad. Die rekenaar was veilig by die navorser se woning gestoor. Vierdens is die identiteit van die deelnemers, asook die skole waarby die deelnemers werk, nie in die rapporteringsdata bekend gemaak nie. Laastens het die navorser na die voltooiing van die navorsingstudie, die data aan die navorsingseenheid, Compres vir argivering voorsien.

Voordeel van deelname. Die navorsingsdeelnemers het na afloop van die onderhoude vergoeding, in die vorm van R25 per uur, vir hul tyd en moontlike ongerief, ontvang. As blyk van waardering is ‘n inligtingsdokument (Kyk Addendum 5) ook deur die navorser aan elke deelnemer oorhandig. In bogenoemde inligtingsdokument is die stappe, sowel as die kontakbesonderhede wat kleuterskoolonderwysers kan volg indien hulle met ‘n kind gekonfronteer word wat moontlik seksueel misbruik word, uiteengesit.

Indirekte voordele van die navorsingsprojek: Indirekte voordele van die navorsingsprojek het ingesluit dat die projek kan help om kleuterskoolonderwysers in Suid-Afrika beter voor te berei, deur die konteks waarbinne kleuters seksuele misbruik bekend maak, te beskryf. Sodoende kan ŉ bydrae gelewer word tot vroeë intervensie en verhoogde rapportering van gevalle van kleuters wat seksueel misbruik word. Forensiese maatskaplike werkers kan baat vind by die bevindinge van hierdie studie, aangesien kennis van die omstandighede waarbinne kleuters misbruik word, bekend gemaak word, waardevol kan wees tydens die kollaterale ondersoek van die forensiese proses.

Bekendmaking van resultate. Die resultate van die navorsingstudie is aan die einde van die studie aan die deelnemers oorgedra. Die deelnemers kon ŉ keuse uitoefen ten opsigte van die wyse waarop hulle terugvoering wou ontvang: in persoon, via e-pos of telefonies. Die terugvoering het ook in die navorsingsdeelnemers se voorkeur taal, Afrikaans of Engels, geskied.

Monitering van navorsing. Monitering het uit gereelde skakeling tussen die studieleier en die student bestaan, asook uit die noukeurige volg van die studie, die monitering van getekende dokumente, die inspeksie van die data-insamelingsprosedures en die insameling en ontleding van data. Die studieleier moes sesmaandelikse vordering en moniteringsverslae aan onderskeidelik die navorsingskomitee en HREC voorsien. Sy moes ook HREC in kennis stel en toestemming verkry vir enige wysigings aan die studie.

Stoor en argivering van data. Die stemopnames is onmiddellik na die onderhoude na die navorser se persoonlike rekenaar oorgedra. Die navorser se persoonlike rekenaar was beskerm deur ’n wagwoord. Die stemopnames is, nadat dit na die navorser se rekenaar oorgedra is, vernietig. Na die transkribering van die stemopnames is die stemopnames van die rekenaar afgehaal. Die geskrewe en verwerkte data was slegs op die navorser se rekenaar gestoor. Die rekenaar was veilig by die navorser se woning in haar kantoor gestoor. Die navorser het na voltooiing van die navorsingstudie die data aan die navorsingseenheid, Compres, voorsien, waar dit vir vyf jaar gestoor en dan vernietig sal word.

1.7 Definisie van sleutelterme

Kontekstuele faktore:

Dey (2001:4) definieer kontekstuele faktore as enige inligting wat gebruik kan word om ‘n situasie van ‘n spesifieke enitiiteit te kenmerk. Kontekstuele faktore word verder deur Kronsbein, Meiser en Leier (2014:988) gedefinieer as ‘n kombinasie van alle implisiete en eksplisiete omstandighede wat ‘n situasie beïnvloed. Kontekstuele faktore in hierdie navorsingstudie verwys na die kleuterskool en -onderwyser as die **konteks** en **faktore** na die omstandighede wat teenwoordig was toe die kleuter seksuele misbruik bekend gemaak het, wat vervolgens bekendmaking ondersteun en moontlik gemaak het.

Omstandighede:

Omstandighede word in hierdie studie as sinoniem vir konteks gebruik. Konteks word deur Dey gedefinieer (2001:4) as enige inligting wat gebruik kan word om die situasie van 'n entiteit te karakteriseer. ‘n Entiteit is 'n persoon, plek of voorwerp wat as relevant beskou word. In hierdie studie verwys konteks na die omstandighede wat teenwoordig was toe ‘n kleuter seksuele misbruik bekend gemaak het, omstandighede wat ‘n kleuter ondersteun het om seksuele misbruik bekend te maak, of omstandighede wat die bekendmaking van seksuele misbruik moontlik gemaak het.

Seksuele misbruik:

Seksuele misbruik van kinders word in Suid-Afrika gedefinieer as: “sexually molesting or assaulting a child or allowing it, encouraging and forcing a child to be used for sexual gratification, or exposing a child to pornography or sexual exploitation of a child” (Children’s Act, 38 of 2005) terwyl die “Criminal Law Sexual Offence and Related Matters Amendment, Act 32 of 2007” seksuele misbruik beskou as enige seksuele daad deur ’n volwasse persoon, met ’n kind (’n persoon onder die ouderdom van 18 jaar) met of sonder die toestemming van die betrokke

kind. Die “Criminal Law Sexual Offence and Related Matters Amendment, Act 32 of 2007” spesifiseer dade wat as seksuele misbruik van ’n kind gereken word.

Kleuter:

Kleuter word gedefinieer as ’n kind tussen die ouderdom van twee en ses jaar (Louw & Louw, 2007:148)

Kleuterskool:

Vroeë-kinderontwikkelingsentrums waar kinders die nodige versorging, opleiding en ondersteuning kry wat toepaslik vir hulle ouderdom en ontwikkelingsfase is. Hierdie sentrums is daar vir kinders tussen die ouderdomme van 0 tot 6 jaar (Western Cape Government, 2017:1).

Onthulling/bekendmaking:

Die onthulling of bekendmaking van seksuele misbruik word gedefinieer as die kommunikeer van ‘n seksuele misbruik-ervaring aan familie, vriende of owerhede (Townsend, 2016:2).

1.8 Samestelling van die verslag

’n Artikel formaat word gebruik om die bevinding van hierdie navorsingstudie uiteen te sit. Dit is in lyn met Reël HSC.1.2.3.4 van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se 2018- jaarboek.

Die navorsingsverslag sal uit die volgende afdelings bestaan:

Hoofstuk 1: Oriëntering tot die studie

Hoofstuk 2: Die manuskrip

Hoofstuk 3: Opsomming, gevolgtrekking en aanbevelings.

Saamgestelde bibliografie

Addenda

Die manuskrip is voorberei volgens die outeursriglyne van LitNet Akademies (Geesteswetenskappe) aangesien dit daar voorgelê sal word vir moontlike publikasie. Sien Addendum 6 vir die outeursriglyne van LitNet Akademies. Die bronverwysings van die skripsie is voorberei volgens die outeursriglyne van LitNet Akademies.

1.9 Bibliografie:

Acts (Wette) **sien** South Africa

Alvi, M. 2016. A manual for selecting sampling techniques in research. https://www.researchgate.net/publication/303941309_A_Manual_for_Selecting_Sampling_Techniques_in_Research Geraadpleeg: 22 Julie. 2019.

Anney, V. N., Daren, P.O.B. & Salaam, E. 2014. Ensuring the Quality of the Findings of Qualitative Research : *Looking at Trustworthiness Criteria. Journal of Emerging Trends in Educational Research and Policy Studies, 5(2), 272–281.* http://jeteraps.scholarlinkresearch.com/articles/Ensuring%20the%20Quality%20of%20the%20Findings%20of%20Qualitative%20Research%20NEW.pdf Geraadpleeg: 22 Julie. 2019.

Babbie, E. & Rubin, A. 2015. Essential research methods for social work. 4 ed. U.S.A: Lumina Datamatics.

Banks, S., Armstrong, A., Carter, K., Graham, H., Hayward, P., Henry, A., Holland, T., Holmes, C., Lee, A., McNulty, A., Moore, N., Nayling, N., Stokoe, A. & Strachan, A. 2013. Everday ethics in community-based participatory research. https://www.tandfonline.com. Geraadpleeg: 2 Julie. 2019.

Barth, J., Bermetz, L., Heim, E., Trelle, S. & Tonia, T. 2013. The current prevalence of child sexual abuse worldwide: A systematic review and meta- analysis. *International Journal of Public Health, 58(3), 469–483*. https://doi.org/10.1007/s00038-012-0426-1 Geraadpleeg: 4 November. 2017.

Briggs, F. & Hawkins, R. 1997. Child protection. Sydney: Allen & Unwin.

Collings, S.J., Griffiths, S & Kumalo, M. 2005. Patterns of disclosure in child sexual abuse. *South African Journal of Psychology, 35(2):270–285.* https://journals.sagepub.com/doi/abs/10.1177/008124630503500207 Geraadpleeg: 14 April. 2018.

Creswell, J.W. 2007. Qualitative inquiry and research design: choosing among five approaches. London: Sage.

Datt, S. 2016. 8-step procedure to conduct qualitative content analysis in a research. https://www.projectguru.in/publications/qualitative-content-analysis-research/. Geraadpleeg: 14 April. 2018.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik.

Dey, A. K. 2001. Understanding and using context. https://www.cc.gatech.edu/fce/ctk/pubs/PeTe5-1.pdf Geraadpleeg: 18 November. 2017.

Eaves, D. 2001. Methodological issues in nursing research: synthesis technique for grounded theory data analysis. https://mail.google.com/mail/u/0/#inbox/15e57d755f6e8468?projector=1. Geraadpleeg: 21 Februarie. 2018.

Esposito, C. 2013. Child sexual abuse and disclosure: What does research tell us. NSW, Family & community services. https://www.facs.nsw.gov.au/__data/assets/File/0003/306426/Literature_Review_How_Children_Disclose_Sexual_Abuse-.pdf Geraadpleeg: 12 November. 2017.

Finn, C. K. 2011. Forensic nurse experience of receiving child abuse disclosure. https://onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.1111/j.1744-6155.2011.00296.x Geraadpleeg: 15 November. 2017.

Goldman, J. D. G. & Grimbeek, P. 2015. Preservice Teachers' Sources of Information on Mandatory Reporting of Child Sexual Abuse. Journal of Child Sexual Abuse. https://doi.org/10.1080/10538712.2015.1009607 Geraadpleeg: 28 Oktober. 2017.

Goodman-Brown, T.B., Edelstein, R.S., Goodman, G.S., Jones, D.P.H. & Gordon, D.S. 2003. Why children tell: a model of children's disclosure of sexual abuse. https://www.sciencedirect.com/science/article/abs/pii/S0145213403000371 Geraadpleeg: 28 Oktober. 2017.

Guest, G. Bunce, A. & Johnson, L. 2006. How many interviews are enough? An experiment with data saturation and variability. https://journals.sagepub.com/doi/abs/10.1177/1525822X05279903 Geraadpleeg: 20 November. 2017.

Halperin, D.S., Bouvier, P., Jaffe, P.D., Mounound, R., Laederach, J & Rey Wisky, H. 1996. Questionnaire on child secual abuse. http://www.academia.edu/18746534/Questionnaire_child_sexual_abuse_Halperin_WHO_2008 Geraadpleeg: 22 Desember. 2017.

Krase, K.S. 2013. Educational personnel as reporters of suspected child maltreatment. https://academic.oup.com/cs/article-abstract/35/3/147/334670?redirectedFrom=fulltext Geraadpleeg: 21 November. 2017.

Kronsbein, D., Meiser, D. & Leier, M. 2014. Conceptualisation of Contextual Factors for Business Process Performance. http://www.iaeng.org/publication/IMECS2014/IMECS2014_pp1198-1203.pdf Geraadpleeg: 13 November. 2017.

London, K., Bruck, M., Ceci, S.J. & Shuman, D.J. 2005. Disclosure of a child sexual abuse: What Does the Research Tell Us About the Ways That Children Tell? https://doi.org/10.1037/1076-8971.11.1.194 Geraadpleeg: 21 November. 2017.

Louw, A. & Louw, D. 2007. Child and Adolescent Development. 5th ed. South-Africa: Psychology Publication.

Maree, K. & Pietersen, J. 2007. Sampling. First steps in research. Pretoria: Van Schaik.

Mathews, B. 2011. Teacher Education to Meet the Challenges Posed by Child Sexual Abuse. http://ro.ecu.edu.au/cgi/viewcontent.cgi?article=1716&context=ajte. Geraadpleeg: 1 November. 2017.

Mathews, B.P. 2009. Teacher reporting questionnaire. https://eprints.qut.edu.au/28782/1/Mathews_TRQ_Western_Australia_Non-Government_Schools.pdf Geraadpleeg: 1 November. 2017.

McElvaney, R., Greene, S. & Hogan, D. 2015. To tell or not to tell? Factors influencing young people's informal disclosures of child sexual abuse. *Journal of Interpersonal Violence, 29(5):928–947.* https://journals.sagepub.com/doi/abs/10.1177/0886260513506281?journalCode=jiva Geraadpleeg: 28 November. 2017.

McElvaney, R., Greene, S. & Hogan, D. 2012. Containing the secret of child sexual abuse. *Journal of Interpersonal Violence, 27(6):1155–1175.*

https://journals.sagepub.com/doi/abs/10.1177/0886260511424503?journalCode=jiva. Geraadpleeg: 13 November. 2017.

Noordwes Universiteit. 2006. Risk levels for research with human participants. http://theology.nwu.ac.za/sites/theology.nwu.ac.za/files/files/M-D-program/Documents/2017EthicsRiskLevels Geraadpleeg: 1 Maart. 2018.

Paine, M.L. & Hansen, D.J. 2002. Factors influencing children self-disclose sexual abuse. http://digitalcommons.unl.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1058&context=psychfacpub Geraadpleeg: 11 November. 2017.

Patton, M.Q. 2002. Qualitative research and evaluation methods. 3rd ed. Thousand Oaks, CA: SAGE.

Rosemann, M., Recker, J.C. & Flender, C. 2008. Contextualization of Business Process. International Journal of Business Process Integrations and Management, 4 (1):47-60. https://www.researchgate.net/publication/27473385_Contextualisation_of_business_processes Geraadpleeg: 22 November. 2017.

Simelane-Mnisi, S. 2018. Role and Importance of Ethics in Research. https://www.igi-global.com/chapter/role-and-importance-of-ethics-in-research/196872 Geraadpleeg: 22 Februarie. 2018.

Sinanan, B.A.N. 2011. Bridging the Gap of Teacher Education about Child Abuse. https://eric.ed.gov/?id=EJ954988 Geraadpleeg: 22 Februarie. 2018.

South Africa. 2005. Children's Act 38 of 2005.

South Africa. 2007. Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32 of 2007.

South Africa. Department of Education. 2017. Sexual abuse in Schools: Submission by the Department of Education to task group on Sexual abuse in schools.

South Africa. Department of Health. 2015. Ethics in Health Research.

South Africa. Department of Social Development. 2006. Guidelines for early childhood development services.

South Africa. Provincial Government Free State. 2003. Department of Education Strategic Plan 2003/4-2005/6.

South Africa. Western Cape Government. 2017. Choosing an Early Childhood Development Centre for your child.

Thomas, A. 2015. The SAGE Dictionary of Qualitative Inquiry. 4th edition. Thousand Oaks, CA: SAGE.

Townsend, C. 2016. Child Sexual Abuse Disclosure: What Practitioners Need to Know. https://www.d2l.org/wp-content/uploads/2016/10/ChildSexualAbuseDisclosurePaper_20160217_v.1.pdf Geraadpleeg: 11 November. 2017.

Van Huyssteen, Y. 2014. The disclosure of sexual abuse during middle childhood : A forensic social work perspective. Potchefstroom: NWU. (Thesis - MSW).

Young, D.S. & Casey, E.A. 2018. An Examination of the Sufficiency of Small Qualitative Samples. file:///C:/Users/User/AppData/Local/Packages/Microsoft.MicrosoftEdge_8wekyb3d8bbwe/TempState/Downloads/An%20Examination%20of%20the%20Sufficiency%20of%20Small%20Qualitative%20Samples%20(1).pdf Geraadpleeg: 22 Oktober. 2018.

HOOFSTUK 2: DIE MANUSKRIP

Titel:

Die kontekstuele faktore wat kleuters ondersteun om seksuele misbruik by kleuterskole te openbaar.

Skrywers:

A.S. Botha en E.H Ryke

Datum:

21 Mei 2019

Tipe:

Navorsingsverslag

Opsomming:

Seksuele misbruik kom wêreldwyd onder alle ouderdomsgroepe voor. Literatuur meld dat, terwyl die bekendmaking van seksuele misbruik eerder die uitsondering as die reël is, kleuters, gedefinieer as kinders tussen die ouderdom van twee en ses jaar, weens hulle kognitiewe ontwikkelingfase, die ouderdomsgroep is wat meer waarskynlik die seksuele misbruik wat hulle ervaar, bekend sal maak. Die bekendmaking van seksuele misbruik is noodsaaklik om kinders teen verdere seksuele misbruik te beskerm en om hierdie misbruik in Suid-Afrika te verminder. Literatuur het bevind dat kinders hulle seksuele misbruik, naas ouers en vriende, mees waarskynlik aan onderwysers bekend sal maak. Onderwysers spandeer baie tyd saam met kinders, en is in ’n posisie waar hulle ’n vertrouensverhouding met kinders kan bou. Hulle kan vanuit hierdie posisie vir kinders die geleentheid bied om hulle seksuele misbruik bekend te maak. Dit is bekend dat kleuters meestal hulle seksuele misbruik deur middel van toevallige onthulling, bekend maak. Kleuters maak ook dikwels hulle seksuele misbruik eenmalig bekend. Met beter begrip van die kontekstuele faktore waarbinne kleuters seksuele misbruik bekend maak, sal dit moontlik wees om rolspelers soos kleuterskoolonderwysers beter voor te berei om die omstandighede van bekendmaking te identifiseer, dit beter te benut of selfs te skep. Sodoende kan ’n bydrae gelewer word tot vroeë intervensie en verhoogde rapportering van gevalle van kleuters wat seksueel misbruik word.

Die navorser het in hierdie studie ondersoek ingestel oor kleuters wat seksuele misbruik binne kleuterskoolverband bekend maak, met ’n spesifieke fokus op watter faktore binne die kleuterskoolkonteks teenwoordig was tydens hierdie bekendmaking. ‘n Kwalitatief-beskrywende navorsingsmetode is gedurende hierdie navorsingstudie gevolg.

Daar is gedurende die navorsingstudie bevind dat daar direkte kontekstuele faktore sowel as indirekte kontekstuele faktore is wat kleuters ondersteun om hulle seksuele misbruik in die kleuterskoolkonteks te openbaar.

2.1 1. Inleiding en navorsingsprobleem

Barth, Bermetz, Heim, Trelle en Tonia (2013:477) meld dat seksuele misbruik ’n probleem is wat wêreldwyd onder alle ouderdomsgroepe voorkom. Singh, Parsekar en Nair (2014:430) meld dat die Wêreldgesondheidsorganisasie (“WHO”-studie) (2002) bevind het dat sowat 19% van meisies en 7,9% van seuns wêreldwyd gedurende hulle kinderjare seksueel misbruik word. Laasgenoemde artikel meld verder dat Afrika, met 34,4% die hoogste persentasie van seksuele misbruik ter wêreld het. Terwyl seksuele misbruik ’n probleem is wat wêreldwyd voorkom, vind Collings, Griffiths en Kumalo (2005:270); McElevany, Greene Hogan (2015:160) dat die bekendmaking van seksuele misbruik eerder die uitsondering as die reël is.

Kleuters is weens hulle spesifieke kognitiewe ontwikkelingfase, die ouderdomsgroep wat meer waarskynlik hulle seksuele misbruik bekend sal maak (Goodman-Brown, Edelstein, Goodman, Jones en Gordon 2003:533; McElvaney, Greene en Hogan 2012:1158), hoewel hulle dit meestal toevallig doen (Paine en Hansen, 2002:274) en soms slegs een keer doen (Esposito, 2013:1). Kinders maak meestal seksuele misbruik, naas aan ouers en vriende, aan onderwysers bekend (Krase, 2013:147). Dus word in hierdie studie geargumenteer dat die klem op kleuters binne kleuterskoolverband geplaas moet word, waartydens die bekendmaking van seksuele misbruik bevorder wil word. Die faktore wat bekendmaking inhibeer, is reeds deeglik nagevors, terwyl nog min navorsing gedoen is oor die faktore wat bekendmaking sal aanmoedig of moontlik sal maak. Teen hierdie agtergrond wil die navorser in hierdie studie ondersoek instel oor kleuters wat seksuele misbruik binne kleuterskoolverband bekend maak, met ’n spesifieke fokus op watter kontekstuele faktore tydens hierdie bekendmakings teenwoordig is.

Hierdie artikel word ingelei deur ‘n literatuur-oorsig, wat opgevolg word met inligting oor die navorsingstudie. Daarna word die navorsingsmetode beskryf, die resultate van die navorsingstudie bespreek en laastens word die artikel afgesluit met die gevolgtrekking van die navorsingstudie.

2. Literatuuroorsig

2.1. Die seksuele misbruik van kleuters

Seksuele misbruik kom, soos onder enige ander ouderdomsgroep, dikwels onder kleuters voor. Seksuele misbruik van kinders word in Suid-Afrika deur die “Children’s Act, 38 of 2005” gedefinieer as: “sexually molesting or assaulting a child or allowing it, encouraging and forcing a child to be used for sexual gratification, or exposing a child to pornography or sexual exploitation of a child, terwyl die “Criminal Law Sexual Offence and Related Matters Amendment Act, 32 of 2007” seksuele misbruik beskou as enige seksuele daad deur ’n volwasse persoon, met ’n kind (’n persoon onder die ouderdom van 18 jaar) met of sonder die toestemming van die betrokke kind. Spesifieke dade wat as seksuele misbruik van ’n kind gereken word, word deur die “Criminal Law (Sexual Offence and Related Matters) Amendment Act, 32 of 2007” gespesifiseer.

Pessolano Ehrmann (2012:3) beskryf die volgende gedrag as gevaartekens dat ’n kind moontlik seksueel misbruik word:

- Regressiewe gedrag: Hierdie gedrag sluit in: vasklou van items of persone, terugkeer na die bottel nadat hy/sy gespeen is, die neiging om by ouers te wil slaap, bed natmaak, verlies van blaas- / dermkontrole en vasklou aan kombers.
- Passiewe gedrag: Hierdie gedrag sluit in: vasklou aan items of persone, onttrekking, dagdromery, dissosiasie.

- Hiperaktiewe gedrag: Hierdie gedrag sluit in: hardloop, slaan, skree, tart, uitdagende gedrag, buite beheer optree, nie luister nie, dinge wegneem van ander kinders.
- Hoë risiko gedrag: Hierdie gedrag sluit in: kroniese vertel van leuens, steel, afknouery, speel met vuur, selfbeserende gedrag, wreedheid teenoor diere, wreedheid teenoor ander kinders, geweld, woede, weiering om kultuurgeskikte oogkontak te maak, verleidende gedrag, manipulerende gedrag, aandagtekorte.

Bogenoemde gedrag kan met ander ontwikkelingsprosesse en versteurings oorvleuel en moenie in isolasie geïnterpreteer word nie. Die gedrag moet eerder beskou word as 'n aanduiding dat verdere ondersoek ingestel moet word (Pessolano Ehrmann, 2012:3).

In Suid-Afrika verplig die "Children's Act, 38 of 2005" en die "Criminal Law (Sexual Offence and Related Matters) Amendment Act, 32 of 2007" die publiek om seksuele misbruik aan te meld. Volgens die "Children's Act, 38 of 2005" moet enige persoon wat 'n vermoede van seksuele misbruik het, sodanige vermoede by die Suid-Afrikaanse Polisiediens of by 'n kinderbeskerminginstansie rapporteer, terwyl die "Criminal Law (Sexual Offence and Related Matters) Amendment Act, 32 of 2007" alle persone in die land verplig om hulle wete van seksuele misbruik by die polisie te rapporteer.

2.2. Die bekendmaking van seksuele misbruik van kleuters

Terwyl die bekendmaking van seksuele misbruik eerder die uitsondering as die reël is (Collings *e.a.* 2005:270; McElevany, 2015:160), vind Goodman-Brown e.a. (2003:533) en McElvaney *e.a.* (2012:1158) dat kleuters, weens hulle kognitiewe ontwikkelingfase, die onderdomsgroep is wat meer waarskynlik die seksuele misbruik wat hulle ervaar, bekend sal maak.

Collings *e.a.* (2005,270) beskryf vier tipes bekendmaking: doelgerigte bekendmaking, toevallige bekendmaking, indirekte bekendmaking en bekendmaking deur middel van 'n ooggetuie (Whisnant, 2009:2). Doelgerigte bekendmaking word beskryf as 'n bekendmaking waar kinders 'n doelbewuste verklaring rakende die seksuele misbruik wat hulle ervaar, bekend maak. Toevallige bekendmaking word beskryf as bekendmaking wat plaasvind wanneer 'n kind 'n spontane verklaring van seksuele misbruik maak. Indirekte bekendmaking word beskryf as bekendmaking wat plaasvind wanneer 'n kind oor moontlike seksuele misbruik ondervra word, omdat die kind verdag opgetree het of verdagte stellings gemaak het. Die vierde en laaste tipe bekendmaking is bekendmaking deur middel van 'n ooggetuie. Hierdie tipe vorm van bekendmaking word beskryf as bekendmaking wat plaasvind deur iemand wat die seksuele misbruik waargeneem het (Whisnant, 2009:2). In 'n studie deur Collings *e.a*. (2005:270) is bevind dat 30% van kinders hulle seksuele misbruik deur doelgerigte bekendmaking onthul het, dat 43% van kinders hulle seksuele misbruik deur middel van toevallige onthulling bekend gemaak het, dat 18% van kinders hulle seksuele misbruik deur middel van 'n ooggetuie bekend gemaak het en 9 % van kinders hulle seksuele misbruik deur middel van indirekte onthulling bekend gemaak het (Whisnant, 2009:3). O'Neil Bona (2006:24) meld dat voorskoolse kinders geneig is om hulle seksuele misbruik deur middel van toevallige bekendmaking te onthul deurdat hulle spontane seksuele stellings maak of onvanpaste seksuele gedrag toon. Primêre skoolleerders is geneig om hulle seksuele misbruik deur middel van 'n doelbewuste verklaring bekend te maak. Hierdie verklarings word dikwels deur skoolprogramme gemotiveer. Adolessente is geneig om hulle seksuele misbruik bekend te maak deur middel van doelbewuste verklarings. Hierdie verklarings word dikwels deur woede teenoor die oortreder gedryf.

Volgens Whisnant (2009:210) is ouer kinders as gevolg van hulle meer ontwikkelde verbale vermoëns geneig om hulle seksuele misbruik deur middel van doelgerigte bekendmaking te onthul. Paine en Hansen (2002:274) meld in hulle studie dat kleuters meestal hulle seksuele misbruik deur middel van toevallige onthulling, bekend maak en volgens Esposito (2013:1)

maak hulle soms slegs een keer hulle seksuele misbruik bekend. Dit is daarom noodsaaklik om die kontekstuele faktore waarbinne kleuters seksuele misbruik bekend sal maak, beter te verstaan.

2.3. Faktore wat bekendmaking van seksuele misbruik beïnvloed

Whisnant (2009:36) meld dat die bekendmaking van seksuele misbruik vir elke kind anders is en dat geen enkele faktor kan verklaar hoe, wanneer en waarom kinders hulle seksuele misbruik bekend maak nie. Dit is egter 'n kombinasie van kinders se kommunikasievermoë en intellektuele vlak, asook die sosiale en emosionele ondersteuning wat hulle beleef. Ander faktore wat 'n rol speel, is die tipe verhouding wat die kind met sy/haar versorger het, hoeveel ondersteuning die kind uit sy/haar huishouding kry, hoe veilig die kind in sy/haar huishouding voel en hoe die kind onder druk optree. Whisnant (2009:36) meld verder dat kinders gewoonlik hulle seksuele misbruik in 'n veilige omgewing bekend maak.

Paine en Hansen (2002:294) het in hulle omvattende literatuurstudie van kliniese en navorsingstudies bevind dat die faktore wat bekendmaking inhibeer, reeds deeglik nagevors is, maar dat die faktore wat bekendmaking sal aanmoedig of moontlik maak, nog nie goed verstaan en ondersoek is nie. Die skrywers maak die volgende stelling: "… many researchers and clinicians have identified the need for increased knowledge regarding the circumstances of children's disclosure." London, Bruck, Ceci en Shuman (2005:194) bevestig dat navorsing ten opsigte van die omstandighede waarbinne kinders seksuele misbruik bekend maak, nodig is. Aspekte wat in hierdie kontekste bekendmaking moontlik gemaak en ondersteun het, was dat die kind geglo en ondersteun is toe die onthulling plaasgevind het (Paine en Hansen, 2002:280).

2.4. Faktore wat bekendmaking van seksuele misbruik inhibeer:

Palmer en Milne (2015:213) meld dat kleuters dikwels nie die seksuele misbruik wat hulle ervaar bekend maak nie, omdat hulle nie besef dat die seksuele misbruik wat hulle ervaar verkeerd en van 'n krimenele aard is nie. Kleuters word verder dikwels deur die oortreder gedreig en hulle is bang dat wanneer hulle die seksuele misbruik sou bekend maak die oortreder hulself, hulle gesinne of hulle geliefdes fisiese of emosionele leed sal aandoen. Paine en Hansen (2002:281), Fisher, Daigle, Cullen en Turner (2003:3) en Easton, Saltzman en Willis (2014:461) beskryf verdere faktore wat kinders inhibeer om seksuele misbruik bekend te maak. Hulle noem dat die verhouding tussen die oortreder en die kind, asook die kind se ouderderdom ten tye van die misbruik, bepalend kan wees of die kind die seksuele misbruik sal bekend maak of nie. Hulle meld verder dat kinders dikwels verantwoordelik voel vir die seksuele misbruik en sodoende nie die misbruik bekend wil maak nie, of dat hulle gevoelens van skaamte oor die seksuele misbruik ervaar en dat hierdie gevoelens hulle verhoed om sodanige misbruik bekend te maak. Verdere faktore wat kinders inhibeer om hulle seksuele misbruik bekend te maak, is dat hulle nie wil hê ander persone moet weet van die misbruik nie, of dat hulle bang is vir stigma wanneer dit bekend gemaak word. Kinders is dikwels bang om hulle belofte aan die oortreder, om die seksuele misbruik 'n geheim te hou, te verbreek. Kinders is verder bang dat die seksuele misbruik wat hulle ervaar nie ernstig genoeg is nie, dat die daad nie doelbewus was nie, dat daar nie genoeg bewyse van seksuele misbruik is nie, of dat hulle nie deur die polisie of ander persone geglo sal word nie. Kinders word ook dikwels omgekoop of gedreig om nie die seksuele misbruik bekend te maak nie (Paine en Hansen, 2002:281, Fisher *e.a*., 2003:3 en Easton *e.a*., 2014:461). Paine en Hansen (2002:281) beskryf verder dat kinders bang is dat die bekendmaking van die seksuele misbruik hulle gesinne sal ontwrig of ontbind deur byvoorbeeld egskeiding of die plasing van kinders in pleegsorg of in 'n kinderhuis.

Volgens Paine en Hansen (2002:281) ervaar kinders ambivalente en verwarrende gevoelens oor die oortreder. Die gedagte dat daar vir die oortreder negatiewe gevolge soos gevangenisstraf of selfdood mag wees, verhoed kinders soms om misbruik bekend te maak.

2.5. Faktore wat bekendmaking van seksuele misbruik aanmoedig:

Finn (2011:118) het in haar studie bevind dat die volgende kontekstuele faktore die bekendmaking van seksuele misbruik bevorder het:

- Om ’n kind-vriendelike omgewing te skep.
- Om ‘n verhouding met die kind te bou en om die kind se vertroue te wen.
- Om na die kind te luister binne ’n veilige omgewing.
- Om binne die kind se ontwikkelingsfase met die kind te kommunikeer.
- Om oop-einde vrae te vra, wat die kind toelaat om narratiewe inligting te deel.
- Om die kind te bemagtig en te aanvaar.
- Om die kind onvoorwaardelik te glo.
- Om bewus te wees van die moontlikheid dat die kind moontlik ’n vals-bekendmaking van seksuele misbruik kan maak.

Smith (2006:12); Hershkowitz, Lanes en Lamb (2007:113) stem saam met Finn (2011:118) dat kinders hulle seksuele misbruik in ‘n informele, kind-vriendelike omgewing waar daar genoegsame ondersteuning en vertroue is, bekend maak.

2.6. Bekendmaking van seksuele misbruik aan onderwysers

Krase (2013:147) het bevind dat kinders seksuele misbruik, benewens aan hulle ouers en vriende, mees waarskynlik teenoor onderwysers bekend sal maak. Onderwys is die professie wat die meeste tyd saam met kinders spandeer. Briggs en Hawkins (1997:7) maak byvoorbeeld die volgende stelling: “No other professionals have such close, continuous, daily contact with child abuse victims on a day-to-day, long term basis or have such an extensive knowledge of the children in their care.” Krase (2013:147) ondersteun Briggs en Hawkins se stelling deur in sy studie te meld dat onderwysers in ’n posisie is waar hulle ’n vertrouensverhouding met kinders kan bou en dat hulle vanuit hierdie posisie vir kinders die geleentheid kan bied om moontlike seksuele misbruik te onthul. Volgens Mathews (2011:16) is kinders wat seksueel misbruik word, geneig om sekere gedrag by die skool te toon, wat vir onderwysers ‘n aanduiding kan wees van moontlike seksuele misbruik. Hierdie gedrag sluit aggressiewe gedrag, woede- uitbarstings, seksuele gedrag, konsentrasie probleme, angstigheid, depressie en onttrekking (sosiale isolering) in. Scholes, Jones, Stieler-Hunt, Rolfe en Pozzebon (2012:104) meld in hulle studie dat onderwysers ‘n beduidende rol kan speel in die beskerming van seksueel misbruikte kinders.

Alhoewel verskeie internasionale studies bevestig dat onderwysers oor die algemeen nie oor voldoende kennis rakende seksuele misbruik beskik nie (Goldman en Grimbeek, 2015; Sinanan, 2011:60; Scholes *e.a.*, 2012:105) en die Suid-Afrikaanse Parlement in die dokument, Sexual abuse in Schools: Submission by the Department of Education to task group on Sexual abuse in schools (2017) bevestig dat Suid-Afrika ook ’n probleem ervaar rakende onderwysers se kennis met betrekking tot seksuele misbruik, is die kontekstuele faktore binne kleuterskoolverband ook nog nie ondersoek nie.

2.7. Die kleuterskoolkonteks

Suid-Afrika erken die belangrikheid van vroeëkinderontwikkeling. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het in 'n dokument, "Guidelines for early childhood development services" die noodsaaklikheid van vroeëkinderontwikkeling beklemtoon deur die volgende stelling te maak: "In the human life cycle the early childhood phase from birth to nine years is considered the most important phase for every human being. Giving children the best start in life means ensuring them good health, proper nutrition and early learning." (Department of Social Development, 2006:1). Nance (2009:8) stem saam met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en meld dat vroeëkinderontwikkeling noodsaaklik vir kinders se sosiale-, emosionele-, kognitiewe-, taal- en fisiese ontwikkeling is.

In Suid-Afrika word vroeëkinderontwikkeling-sentrums (wat kleuterskole insluit) gedefinieer as versorgingsentrums waar kinders die nodige versorging, opleiding en ondersteuning, wat toepaslik vir hulle ouderdom en ontwikkelingsfase is, kan kry. Hierdie sentrums is vir kinders tussen die ouderdomme van 0 en 6 jaar (Western Cape Government, 2017:1). Vroeëkinderontwikkelingsentrums dien ook in Suid-Afrika as 'n noodsaaklike ondersteuningsnetwerk in gemeenskappe. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling meld dat vroeëkinderontwikkelingsentrums holisties van aard moet wees. Dit moet gevolglik voorsiening maak vir al die behoeftes van kinders, insluitend hul gesondheid, voeding, ontwikkeling, onderrig en psigososiale ontwikkeling (Department of Social Development, 2006:13).

Alle vroeëkinderontwikkelingsentrums in Suid-Afrika moet geregistreer wees by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Vroeëkinderontwikkeling-sentrums kan privaat of publieke sentrums wees. Elk van hierdie sentrums benodig egter 'n registrasiesertifikaat en 'n sertifikaat vir toepaslike leerprogramme. Vroeëkinderontwikkelingsentrums in Suid-Afrika moet elke vyf jaar by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling herregistreer (Western Cape Government, 2017:1).

Die volgende is vereistes vir vroeëontwikkelingsentrums in Suid-Afrika: (Western Cape Government, 2017:1).

- Dit moet veilig wees.
- Dit moet geregistreerde leerprogramme hê.
- Dit moet 'n toepaslik gekwalifiseerde skoolhoof en werknemers hê.
- Dit moet 'n toepaslike en kreatiewe speelarea hê, omdat speel as 'n belangrike vorm van leer beskou word.
- Die vroeëontwikkelingsentrums moet aan die kinders gesonde etes voorsien.

Vroeëontwikkelingsentrums in Suid-Afrika het verskeie uitdagings wat oorkom moet word. Dit sluit armoede, MIV/Vigs, gestremdhede, geslagsongelykheid en intersektorale samewerking in (Department of Social Development, 2006:15). Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling beskryf in geen van hulle dokumente die rol wat vroeëontwikkelingsentrums in die vroeë opsporing van kinders se seksuele misbruik of psigososiale probleme speel nie.

3. Hierdie navorsingstudie

Die bekendmaking van seksuele misbruik is 'n komplekse en intense belewing vir die kind en vir die persoon aan wie dit bekend gemaak word, maar dit is egter noodsaaklik om kinders teen verdere seksuele misbruik te beskerm en om die voorkoms van hierdie tipe misbruik in Suid-Afrika te verminder.

Die waarskynlikheid van bekendmaking van seksuele misbruik is groter by kleuters, en kleuterskoolonderwysers is in die ideale posisie om die kontekstuele faktore wat

teenwoordig was toe die kleuter seksuele misbruik bekend gemaak het en wat bekendmaking ondersteun en moontlik gemaak het, te beskryf.

Met beter begrip van die kontekstuele faktore waarbinne kleuters seksuele misbruik bekend maak, sal dit moontlik wees om rolspelers soos kleuterskoolonderwysers beter voor te berei om die omstandighede van bekendmaking te identifiseer, beter te benut of selfs te skep. Sodoende kan 'n bydrae gelewer word tot vroeë intervensie en verhoogde rapportering van gevalle waar kleuters seksueel misbruik word.

Navorsingsvraag

Wat is die kontekstuele faktore wat kleuters ondersteun om hulle seksuele misbruik by kleuterskole te openbaar?

4. Navorsingsmetode

4.1 Navorsingsdata:

Die navorsingstudie het gebruik gemaak van 'n kwalitatiewe-beskrywende navorsingsmetode, aangesien daar min bekend was oor die omstandighede waarbinne kleuters seksuele misbruik aan onderwysers bekend gemaak het. Die populasie relevant tot die navorsingsvraag was kleuterskoolonderwysers wat persoonlike ervarings gehad het van kleuters wat seksuele misbruik bekend gemaak het, of kleuterskoolonderwysers wat vermoed het dat 'n kleuter moontlik seksuele misbruik onthul het, maar tog onseker was. Die navorsingsdata is deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel.

Die demografiese afbakening van die populasie was plattelandse skooldistrikte in die Noord-Vrystaat. Die Navorsingstudie het van 'n doelgerigte steekproefmetode gebruik gemaak.

Die navorser het navorsingsdeelnemers by 31 kleuterskole gaan werf. Twee onderwyseresse en een assistent-onderwyseres was geskik en bereid om aan die navorsingstudie deel te neem.

4.2 Data-ontledingsmetode

Die Data-ontledingsproses het vir die navorser die geleentheid gebied om betekenis aan die data te gee. Die navorser het eers self die navorsingsdata geanaliseer, georden, gestruktureer en betekenis daaraan gegee. Daarna is die data deur 'n tweede navorser afsonderlik geanaliseer. Die navorser het saam met 'n ander navorser die data vergelyk en deurgewerk, totdat die navorsers tot 'n konklusie rakende die verskille kon kom. Hierdie analiseringsmetode staan in die literatuur as "Stepwise se repliseringsmetode", of die "co-coder" metode, bekend.

4.3 Etiese aspekte

Hierdie navorsingstudie is deur die *Health Research Ethics Committee* (HREC) van die NWU se Fakulteit Gesondheidswetenskappe goedgekeur. Deelname aan die navorsingsprojek was vrywillig. Deelnemers is voor die navorsingsonderhoud volledig ingelig oor die navorsingstudie. Elke deelnemer is versoek om 'n toestemmingsdokument te voltooi. Die navorser het voordat die navorsingstudie by die kleuterskole bekend gestel is, goedwillige goedkeuring van elke kleuterskool se skoolhoof/eienaars verkry, omdat die navorser die navorsingstudie op die skoolterrein wou bekendstel en deelnemers daar wou werf.

5. Resultate

Daar was drie navorsingsdeelnemers wat aan die navorsingstudie deelgeneem het. Navorsingsdeelnemer 1 was 'n kleuterskoolonderwyseres met 12 jaar ervaring.

Navorsingsdeelnemer 2 was 'n kleuterskoolonderwyseres, sowel as die skoolhoof van die kleuterskool. Sy het 6 jaar ervaring gehad. Navorsingsdeelnemer 3 was 'n assistent-kleuterskoolonderwyseres met 10 maande ervaring.

Uit hierdie studie se data-ontleding is daar gevind dat daar verskeie kontekstuele faktore is wat kleuters beïnvloed om hulle seksuele misbruik bekend te maak. Kontekstuele faktore in hierdie navorsingstudie verwys na die kleuterskool en -onderwyser as die konteks. Die faktore in hierdie studie verwys na die omstandighede wat teenwoordig was toe die kleuter seksuele misbruik bekend gemaak het en wat bekendmaking ondersteun en moontlik gemaak het.

Direkte faktore verwys na die interpersoonlike vaardighede en fasiliterende vaardighede wat teenwoordig was toe die kleuter seksuele misbruik onthul het. Indirekte kontekstuele faktore verwys na die faktore wat op die agtergrond 'n rol gespeel het en waarsonder bekendmaking moontlik nie sou kon plaasvind nie.

Vier direkte en drie indirekte kontekstuele faktore wat kleuters beïnvloed om hulle seksuele misbruik bekend te maak, word onderskei. Hierdie kontekstuele faktore, word in die onderstaande diagram uitgebeeld:

DIAGRAM 1: Die kontekstuele faktore wat kleuters beïnvloed om hulle seksuele misbruik bekend te maak:



Direkte kontekstuele faktore

Die vier direkte kontekstuele faktore is: Geleentheid, Atmosfeer, Kommunikasievaardighede en Waarneming.

Tema 1: Geleentheid

Beide navorsingsdeelnemers het aan die kleuters geleentheid gebied en hulle aangemoedig om oor hulle omstandighede en probleme te praat.

Navorsingsdeelnemer 2 het die kleuter aangemoedig om te praat deur vir hom/haar te sê dat dit goed is om die waarheid te praat, want deur die waarheid te praat, kan oplossings gevind word. Deelnemer 1 meld dat daar vir die kleuter geleentheid gegee moet word om te praat, want as jy raad gee, is die kleuters nog nie uitgepraat nie. Daar moet gewag word totdat die kleuter uitgepraat is. Navorsingsdeelnemer 1 het deur middel van vraagstelling die kleuter aangemoedig om haar meer van hom/haar omstandighede en probleme te vertel.

Volgens Townsend (2016:9) is kinders meer geneig om hulle seksuele misbruik bekend te maak wanneer persone vrae aan hulle rig wat vir hulle die geleentheid bied om sodanige misbruik bekend te maak (Townsend, 2016:9). McElvaney *e.a.* (2012:944) beklemtoon in haar studie die belangrikheid daarvan om vir kinders die geleentheid te bied om hulle seksuele misbruik bekend te kan maak. Sy ag dit belangrik dat enige persoon in staat moet kan wees om deur middel van algemene vrae inligting rakende kinders se welstand in te win. Volgens McElvaney hoef die vrae wat aan kinders gerig word, nie noodwendig oor mishandeling te handel nie, maar kan dit slegs gaan oor kinders se welstand (McElvaney, *e.a.*, 2012:1162). Smith bevestig ook in haar studie (2008:1360) dat kinders die geleentheid gebied moet word om hulle seksuele misbruik bekend te maak. Sy meld verder dat die seksuele misbruik met die kind bespreek moet word. Paine en Hansen (2002:280), sowel as Smith (2008:1360), meld in hulle studies dat kinders gedurende die bekendmaking van hulle seksuele misbruik geglo en ondersteun behoort te word.

Kleuterskoolonderwysers kan kleuters deur middel van voorkomingsprogramme die geleentheid bied om hulle seksuele misbruik bekend te maak. Alhoewel voorkomingsprogramme nie in hierdie navorsingstudie daartoe gelei het dat kleuters hulle seksuele misbruik onthul het nie, is al die navorsingsdeelnemers van mening dat voorkomingsprogramme kleuters bewus kan maak van aanvaarbare en onaanvaarbare seksuele gedrag, en dat dit kan lei tot die bekendmaking van seksuele misbruik.

Navorsingsdeelnemer 1 meld: "Die boekie wat gereeld vir die kleuters gelees word, vertel van 'n krokodilletjie wat aan almal se lyfie wil vat. Die krokodilletjie sê dan: 'Nee, nee,nee! Dit is my lyfie!'"

Navorsingsdeelnemer 2 meld dat daar in die klasse oor kleuters se liggame gepraat word en dat kleuters geleer word om "nee" te sê. Die kleuters word ook oor persoonlike veiligheid en persoonlike welsyn ingelig.

Gordon (2012:175) meld dat die hoofdoel van seksuele opvoeding is om kinders toe te rus met die nodig kennis, vaardighede en waardes om verantwoordelike keuses te maak oor hul seksuele verhoudings. Dit is noodsaaklik dat kinders en jongmense bewus gemaak moet word van die risiko van seksuele uitbuiting, sodat hulle misbruik kan herken en hulself kan

beskerm. Hulle moet ook weet watter bronne van ondersteuning vir hulle beskikbaar is (Gordon 2012:175). Kozisek (2012:1) stem saam met Gordon dat seksuele opvoeding vir kinders noodsaaklik is. Sy meld dat seksuele voorkomingsprogramme nie vir kinders onvanpaste seksuele inligting weergee nie, maar dat dit fokus op die waardigheid van die mens, die eienskappe van regte verhoudings, en wat om te doen as 'n verhouding nie reg is nie. Doeltreffende seksuele opvoedingsprogramme poog om kinders op te voed ten opsigte van die tekens van 'n vernederende verhouding voordat enige seksuele kontak plaasvind. Sodanige programme moedig kinders aan om met hulle ouers of ander vertrouelinge te kommunikeer. McGuire (2018:1) meld dat voorkoming van seksuele wangedrag met seksuele opvoeding begin. Navorsing toon dat hoe meer daar met kinders oor seks gepraat word, hoe minder waarskynlik dit is dat kinders in beledigende en negatiewe verhoudings betrokke sal raak (McGuire,2018:1).

Tema 2: Atmosfeer:

Al die navorsingsdeelnemers meld dat die regte atmosfeer noodsaaklik is. Die kleuter moet gemaklik voel en daar moet 'n vertrouensverhouding tussen die onderwyser en die kleuter gebou word. Navorsingsdeelnemer 1 maak die volgende stelling: " 'n Mens moet eers 'n verhouding bou. Die verhoudingbou is baie belangrik." Navorsingsdeelnemer 2 maak die volgende stelling: "Die kleuterskoolonderwysers moet baie liefde en aandag aan die kleuter gee."

Finn (2011:118) het in haar studie gevind dat die volgende faktore die bekendmaking van seksuele misbruik bevorder het:

- Om 'n kind-vriendelike omgewing te skep.
- Om 'n verhouding met die kind te bou en om die kind se vertroue te wen.
- Om na die kind te luister binne 'n veilige omgewing.
- Om binne die kind se ontwikkelingsfase met die kind te kommunikeer.
- Om oop-einde vrae te vra, wat die kind toelaat om narratiewe inligting te deel.
- Om die kind te bemagtig en te aanvaar.
- Om die kind onvoorwaardelik te glo.
- Om bewus te wees van die moontlikheid dat die kind moontlik 'n vals-bekendmaking van seksuele misbruik kan maak.

Smith (2006:12) en Hershkowitz *e.a*. (2007:113) stem saam met Finn (2011:118) dat kinders hulle seksuele misbruik in 'n informele, kind-vriendelike omgewing waar daar genoegsame ondersteuning en vertroue is, makliker bekend sal maak. Die bekendmaking van die seksuele misbruik het in navorsingsdeelnemer 1 se klas plaasgevind en in navorsingsdeelnemer 2 se kantoor. In beide gevalle het die bekendmaking in 'n omgewing wat vir die kleuter bekend was en waar die kleuter veilig gevoel het, plaasgevind. Finn (2011:18) meld dat 'n kind-vriendelike omgewing waarbinne die kind veilig voel, die bekendmaking van seksuele misbruik bevorder.

Tema 3: Kommunikasievaardighede

Daar is gedurende die navorsingstudie verskeie kommunikasievaardighede geïdentifiseer wat die bekendmaking van seksuele misbruik kan bevorder. Hierdie kommunikasievaardighede is luister, vraagstelling, tekeninge en klarifikasie.

Die navorsingsdeelnemers meld dat kleuters die geleentheid gebied moet word om hulle seksuele misbruik bekend te maak en kleuterskoolonderwysers moet luister na die inligting wat kleuters vir hulle weergee. Hierdie inligting kan op 'n verbale of nie-verbale wyse weergegee word. Navorsingsdeelnemer 1 meld dat die kleuter vir haar "snaakse goed" wat na seksuele misbruik verwys het, vertel het. Navorsingsdeelnemer 2 meld: "Die kleuter het verskiklik begin bewe, haar lippe het begin bewe en haar oë het vol trane geskiet." McElvaney *e.a*. (2015:944) meld dat kinders se seksuele misbruik met hulle bespreek moet word en dat die nodige inligting ingewin moet word. Daar moet dan opgelet word na die kleuter se verbale sowel as nie-verbale gedrag. Paris (2013:1) beskryf luister as die belangrikste faset van kommunikasie. Hy maak die volgende stelling: "Listening is the most important part of communication, because if you fail to understand the message being expressed to you, you will also fail in providing a substantial and meaningful response." Volgens Townsend (2016:9), Smith (2008:1356) en Lefkowitz (2018:1) is dit belangrik om na kinders te luister wanneer hulle, hulle seksuele misbruik bekend maak. Smith (2008:1356) meld dat daar meer geluister as gepraat moet word. Lefkowitz (2018:1) bevestig dat jy na die kind moet luister en meld verder dat jy die kind moet ondersteun gedurende die bekendmaking. Dit is ook belangrik dat die kind se privaatheid gerespekteer moet word en dat jy die kind sal toelaat om sy seksuele misbruik in sy eie woordeskat te beskryf. Volgens Ullman (1996), soos aangehaal deur Smith (2006:6), herstel kinders na seksuele misbruik emosioneel vinniger nadat hulle seksuele misbruik onthul het en ander persone na die onthulling geluister het. Smith (2008:1356) en Lefkowitz (2018:1) meld dat oorreagering vermy moet word asook om advies te gee om probleme op te los, om enige aannames te maak, om te veel vrae te vrae, te veel besonderhede van die kind te vereis, inligting te minimaliseer of om die kind te kritiseer.

Navorsingsdeelnemer 2 meld dat sy deur vraagstelling meer inligting oor die insident kon verkry en sodoende begrip vir die insident kon vorm. Navorsingsdeelnemer 2 meld dat sy vir die kleuter gevra het om haar meer te vertel van wie haar die gedrag geleer het. Literatuur bevestig dat sekere tipes vrae rakende seksuele misbruik meer effektief as ander is (Faller, 2007:91). Volgens Faller (2007:92) sowel as Whisnant (2009:24) is oop-einde vrae meer geskik wanneer inligting aangaande seksuele misbruik ingewin wil word. Hierdie oop-einde vrae laat die kind toe om inligting vrylik te herroep en stel die kind in staat om narratiewe besonderhede rakende die gebeure weer te gee (Whisnant, 2009:24). Volgens Faller (2007:92) gee kinders ook meer akkurate inligting deur wanneer oop-einde vrae aan hulle gerig word. Algemene oop-einde vrae wat gebruik word om inligting rakende seksuele misbruik in te win, is vrae wat soos volg ingelei word: Wie?, Wat?, Waar? en Wanneer? (Faller, 2007:94; Whisnant, 2009:24). Ungar, Barter, McConnell, Tutty en Fairholm (2009:143) beskryf die optimale omstandighede vir die bekendmaking van seksuele misbruik soos volg: "being directly asked about experiences of abuse; having access to someone who will listen, believe and respond appropriately; having knowledge and language about what constitutes abuse and how to access help; having a sense of control over the process of disclosure both in terms of their anonymity (not being identified until they are ready for this) and confidentiality (the right to control who knows); and effective responses by adults both in informal and formal contexts."

Navorsingsdeelnemer 1 meld dat inligting ook deur middel van tekeninge ingewin kan word. Navorsingsdeelnemer 1 meld dat die kleuter vir haar gevra het of sy vir haar 'n prentjie kan teken. Die navorsingsdeelnemer het ingestem. Die kleuter het 'n feetjie geteken wat staan en daar was 'n aap en 'n boom, maar die aap het duidelike geslagsdele gehad. Die dogtertjie het gesê dat die aap haar wil seermaak en dan gaan kruip die dogtertjie in die boom weg. Die dogtertjie het gewys dat die aap haar op haar geslagsdele seermaak. Die dogtertjie het slegs na haar geslagsdele gewys en het nie haar geslagsdele verwoord nie. Navorsingsdeelnemer 1 meld dat jy gewoonlik meer aandag gee aan 'n tekening om inligting van die kleuter in te win. Die inligting word ingewin deurdat daar vir die kleuter vrae rakende haar tekening gevra word. Literatuur bewys dat tekeninge gebruik kan word om inligting van kinders in te win (Duffy, Keenan, en Dillenburger, 2006:156; Faller, 2007:133; Tielman , 2012:202; Whisnant, 2009:24). Volgens Faller (2007:144) en Duffy

e.a. (2006:156) kan tekeninge as 'n kommunikasie-instrument of 'n verhoudingsbou-hulpmiddel gebruik word. Tekeninge kan ook doeltreffend gebruik word om inligting rakende kinders se seksuele misbruik in te win (Duffy *e.a.* 2006:156; Faller, 2007:133; Whisnant, 2009:24;). Tekeninge vorm visuele leidrade wat deur middel van oop-vraagstelling meer inligting van kinders kan ontlok (Whisnant, 2009:24). Kinders kan ook hulle diepste gevoelens in tekeninge uitbeeld (Duffy *e.a.* 2006:156).

Faller (2007:139) meld dat tekeninge die volgende voordele inhou:

- Dit plaas minder druk op kinders.
- Dit bied aan kinders die geleentheid om in beheer te wees.
- Tekeninge kan inligting oor die mishandeling weergee.
- Dit bied 'n visuele begrip van die mishandeling.
- Tekeninge word 'n addisionele medium waardeur inligting ingewin kan word.

In die literatuur is daar verskeie menings oor die moontlikheid dat tekeninge rakende seksuele misbruik geïnterpreteer kan word. Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op persone wat die tekeninge interpreteer (Tielman, 2012:205). Faller (2007:139) beaam dat tekeninge op verskillende maniere geïnterpreteer kan word. Duffy *e.a.* (2006:156) meld dat die interpretasie van tekeninge subjektief van aard is. Tielman (2012:205) is van mening dat slegs persone met voldoende opleiding hierdie tekeninge kan interpreteer. Tekeninge moet nie oor-geïnterpreteer word nie (Duffy *e.a.* 2006:156). Die vasstelling van moontlike seksuele misbruik kan nie slegs deur tekeninge bepaal word nie. Tekeninge kan slegs gebruik word as 'n hulpmiddel om 'n verklaring van seksuele misbruik te fasiliteer (Duffy *e.a.* 2006:156).

Al die navorsingsdeelnemers het die kleuters na spelterapeute verwys, sodat die inligting rakende die seksuele misbruik verder deur gespesialiseerde persone bevestig of verwerp kon word.

Tema 4: Waarneming

Al navorsingsdeelnemers meld dat kleuters onvanpaste gedrag en/of gedragsverandering kan openbaar, wat 'n aanduiding kan wees dat die kleuter seksueel misbruik word. Die volgende onvanpaste gedrag en/of gedragsveranderinge is deur die navorsingsdeelnemers by die kleuters waargeneem.

- Seksverwante gedrag: "Die dogter het die seun gevra om haar hand te neem en voor by sy broek in te trek."
- Broek natmaak: "Sy het begin broekie natmaak, meer as wat natuurlik is. 'n Glipsie nou en dan is nie 'n probleem nie. Die ma het bevestig dat die dogtertjie dit by die huis ook elke aand doen."
- Huil: "Die dogter het gehuil tydens partytjies. Sy was vrolik in die klas, maar wanneer iemand verjaar, het sy verskiklik begin huil."
- Sensoriese disfunksie: "Te veel geluide. Dit is te veel stimulering en hulle wil nie nog stimulering hê nie."

- Vrees: "Die kleuter het vrees teenoor 'n spesifieke man getoon." Die navorsingsdeelnemer meld: "Al wat ons eendag kon sien was toe 'n pappa sy kinders kom aflaai het. Die pappa was nogal 'n groot, lang man en sy was vreesbevange vir daardie man, nie vir ander mans nie."

- Gedragsverandering: "Sy is regtig 'n slim dogtertjie, maar sy het begin dwaal, dromerig geraak, weggeraak en nie meer gevorder nie."

Smith (2008:1360) bevestig dat daar verskeie tekens manifesteer wanneer 'n kind seksueel misbruik word. Korn (2004:12) meld in haar literatuuroorsig dat kinders sowel as kleuters wat seksueel misbruik is, sekere fisiese en gedragstekens toon. Die fisiese tekens sluit in dat hulle sukkel om te loop, te sit of om badkamer toe te gaan. Slaapprobleme, eetprobleme, stokkiesdraai, konstante klagtes van fisiese pyn, probleme om ander te vertrou, onttrekking van ander, aggressiewe gedrag, onvanpaste seksuele gedrag, substansverslawing, lae-selfbeeld, vrese, angstigheid, gedragsveranderinge, depressie en regressiewe gedrag. Osandan en Reid (2015:23) meld ook dat kinders wat seksueel misbruik word, geneig is om hulself te onttrek. Sy meld verder dat hulle hulself probeer beskerm deur weg te bly van sekere mense en plekke, nie graag praat nie, en hiperaktief raak.

Indirekte kontekstuele faktore

Die drie indirekte kontekstuele faktore is: Onderwysers se kennis en insig, kennis van kinders se huislike omstandighede en verwysing van kleuters na kundige persone om die seksuele misbruik te bevestig.

Tema 5: Onderwysers se kennis en insig

Al die navorsingsdeelnemers het kennis en insig ten opsigte van seksuele misbruik en die bekendmaking daarvan getoon. Hulle kon onvanpaste gedrag en/of gedragsverandering by die kleuters onderskei. Hulle het aan die kleuters die geleentheid gebied om hulle seksuele misbruik bekend te maak. Hulle het die regte klimaat geskep waarbinne die kleuters hulle seksuele misbruik kon bekend maak en het effektiewe kommunikasie-vaardighede gebruik om inligting rakende die seksuele misbruik in te win. Twee van die navorsingsdeelnemers het ook kennis van voorkomingsprogramme gehad.

Ten spyte van die genoemde kennis en insig het al die navorsingsdeelnemers gemeld dat hulle 'n verdere behoefte aan kennis het. Navorsingsdeelnemer 2 en navorsingsdeelnemer 3 meld dat enige verdere opleiding in die hantering van seksuele misbruik positief sal wees.

Navorsingsdeelnemer 1 meld dat dit goed sal wees as spelterapie deel van kleuterskoolonderwysers se opleiding kan wees, en maak die volgende stelling: "Ek sou nie seksuele misbruik by die kleuter vermoed het as ek nie kennis van die spelterapie gehad het nie."

Navorsingsdeelnemer 3 meld: "Hulle (dosente gedurende opleiding) sal vir jou tekens uitwys waarna gekyk moet word, maar sal nooit vir jou sê om te let op daardie tekens nie. Hulle sal nooit vir jou sê hoe om dit te hanteer nie." Navorsingsdeelnemer 2 se stelling sluit hierby aan: "Daar word nie leiding gegee oor hoe om dit in diepte te hanteer nie. Daar word nie vir jou gesê presies wat om te doen nie." Navorsingsdeelnemer 1 is van mening dat dit moeilik is om hierdie tekens spesifiek aan seksuele misbruik toe te skryf. Hierdie tekens kan ook dui op moeilike huislike omstandighede of op die gesin se verhuising. Diè navorsingsdeelnemer meld verder dat indien die gedrag nie verbeter nie, of indien die gedrag vererger, die kleuter na 'n professionele persoon gestuur behoort te word.

Pelisoli, Herman en Dell'Aglio (2014:12) het in hulle studie gevind dat die meeste professionele sowel as nie-professionele persone onvoldoende kennis rakende seksuele

misbruik het. Verskeie internasionale studies bevestig dat onderwysers oor die algemeen nie oor voldoende kennis rakende seksuele misbruik beskik nie (Goldman en Grimbeek, 2015; Sinanan, 2011:60) Die Suid-Afrikaanse Parlement, in die dokument, *Sexual abuse in Schools: Submission by the Department of Education to task group on Sexual abuse in schools* (2017) bevestig dat Suid-Afrika ook 'n probleem ervaar rakende onderwysers se gebrek aan kennis ten opsigte van seksuele misbruik.

Tema 6: Kennis van kinders se huislike omstandighede:

Kleuterskoolonderwysers dra dikwels kennis van kleuters se huislike omstandighede. Dit het tot gevolg dat onderwysers risikofaktore wat kleuters se kanse kan verhoog om slagoffers van mishandeling te word, kan identifiseer.

Navorsingsdeelnemer 2 het gedurende die navorsingsonderhoud gemeld dat sy bewus was van die kleuter se moeilike huislike omstandighede. Volgens die navorsingsdeelnemer is die kleuter se sussies en stiefboeties deur hulle stiefpa seksueel misbruik. Nadat die molesterings gerapporteer was, is die kleuter se sussies en stiefboeties uit die sorg van die ma en die stiefpa verwyder, maar die kleuter en een van haar boeties het in hulle sorg gebly. Die kleuter se biologiese ma het na die verwydering van die kinders die verhouding met die stiefpa beëindig. Die navorsingsdeelnemer meld dat die kleuter moontlik steeds aan seksuele gedrag blootgestel kon gewees het. Navorsingsdeelnemer 2 meld dat die ander kleuter wat by die seksuele-gedrag insident betrokke was, ook aan problematiese omstandighede blootgestel was. Sy pa het dwelms misbruik. Sy ouer boetie is uit die hoërskool geskors en die plaaslike skool wil hom nie aanvaar nie.

Navorsingsdeelnemer 1 het die volgende stelling gedurende die navorsingsonderhoude gemaak: "Die risiko van seksuele misbruik in gesinne is hoër. Dit is weens baie enkelouers."

Die literatuur beskryf verskeie risikofaktore wat kinders se kanse om slagoffers van mishandeling te wees, verhoog. Een van hierdie faktore is 'n kind se huislike omstandighede (Smart, 2017:3).

Tema 7: Verwysing van kleuters na kundige persone om die seksuele misbruik te bevestig:

Al die navorsingsdeelnemers het die ouers aanbeveel om die kleuters na 'n kundige persone te neem, sodat moontlike seksuele misbruik bepaal kon word.

Navorsingsdeelnemer 2 meld dat hulle die kleuter se ma aanbeveel het om hulle kleuter na 'n gekwalifiseerde spelterapeut te neem.

Navorsingsdeelnemer 1: "Ek het haar (die ma) aanbeveel om die kleuter na 'n spelterapeut te neem, sodat 'n mens kan sien waar sy hierdie goed gesien het en waar sy daaraan blootgestel is. Ek het verder vir haar gesê dat indien koste 'n probleem is, sy met die skoolhoof kan kom praat." Navorsingsdeelnemer 1 meld dat hulle die kleuter later na 'n forensiese maatskaplike werker gestuur het vir verdere assessering.

Kinders word dikwels vir forensiese onderhoude gestuur. Volgens die American Professional Society on the Abuse of Children (APSAC:2012) word kinders vir forensiese onderhoude gestuur sodat daar bepaal kan word of die kinders wel seksueel misbruik is en, indien wel, deur wie die kind seksueel misbruik was. 'n Volledige akkurate verslag van die beweerde seksuele misbruik sal dan saamgestel word (APSAC, 2002:2). Newlin, Steele, Chamberlin, Anderson, Kenniston, Russell, Stewart en Vaughan-Eden (2025:2) meld in hulle studie dat

forensiese onderhoude een van die mees beduidende intervensies is om akkurate inligting ten opsigte van kindermishandeling by kinders te ontlok.

6. Gevolgtrekking

Seksuele misbruik is 'n probleem wat wêreldwyd voorkom (Barth *et al.* 2013:477). Kinders se bekendmaking van seksuele misbruik word beskou as 'n kritieke element in die intervensieproses om kinders se reg tot sekuriteit en veiligheid, asook hulle reg tot gesondheid en vryheid, te verseker (Paine en Hansen, 2002:271). Hierdie navorsingstudie het kontekstuele faktore waarbinne kleuters hulle seksuele misbruik bekend maak, beskryf. Daar word onderskei tussen vier direkte en drie indirekte kontekstuele faktore wat kleuters beïnvloed om hulle seksuele misbruik bekend te maak. Die direkte kontekstuele faktore is: geleentheid, atmosfeer, kommunikasievaardighede en waarneming. Die indirekte kontekstuele faktore is: onderwysers se kennis en insig, kennis van kinders se huislike omstandighede en verwysing van kleuters na kundige persone om die seksuele misbruik te bevestig.

Literatuur meld dat daar aan kinders die geleentheid gebied moet word om hulle seksuele misbruik bekend te maak. Sodanige geleentheid kan vir die kleuter gebied word deur middel van 'n gesprek of deur middel van voorkomingsprogramme in die klaskamer (Townsend, 2016:9; McElvaney *e.a.,* 2012:944; Paine en Hansen, 2002:280; Smith, 2008:1360). Alhoewel voorkomingsprogramme nie in hierdie navorsingstudie gelei het tot die bekendmaking van seksuele misbruik nie, is al die navorsingsdeelnemers sowel as literatuur positief oor voorkomingsprogramme. Literatuur het verder bevind dat voorkomingsprogramme kleuters bewus kan maak van aanvaarbare en onaanvaarbare seksuele gedrag en dat dit kan lei tot die bekendmaking van seksuele misbruik (Gordon, 2012:175; Kozisek, 2012:1; McGuire, 2018:1)

Bestaande navorsing meld dat kleuters hulle seksuele misbruik in die regte omstandighede bekend maak. Navorsing beskryf hierdie omstandighede as 'n informele, veilige, kind-vriendelike omgewing waar daar genoegsame ondersteuning en vertroue is (Finn, 2011:118; Smith, 2006:12; Hershkowitz *e.a*., 2007:113). Hierdie navorsingstudie bevestig die bevindinge en meld dat kleuters hulle seksuele misbruik onthul wanneer daar 'n vertouensverhouding tussen die onderwyser en die kleuter bestaan. Daar is verder gevind dat kleuters hulle seksuele misbruik in bekende plekke, waar hulle veilig voel, bekend maak.

Deur hierdie navorsingstudie is bevind dat daar twee kommunikasie-vaardighede is wat die bekendmaking van seksuele misbruik bevorder. Hierdie twee kommunikasie-vaardighede is luister en vraagstelling. Literatuur stem ooreen met hierdie bevindinge. Navorsing meld dat daar na kinders geluister moet word wanneer hulle, hulle seksuele misbruik bekend maak (Townsend, 2016:9; Smith, 2008:1356; Lefkowitz, 2018:1). Daar moet gelet word op die verbale sowel as nie-verbale inligting wat deur die kinders weergegee word. Vraagstelling is belangrik sodat meer inligting oor die insident verkry kan word. Bestaande navorsing meld dat inligting verkry kan word deur oop-einde vrae, gesprekke wat handel oor seksuele gedrag en seksuele misbruik, of oor die welstand van kinders (Faller, 2007:92; Whisnant, 2009:24). Inligting kan ook verkry word deur middel van tekeninge. (Duffy, Keenan, en Dillenburger, 2006:156; Faller, 2007:133; Tielman , 2012:202; Whisnant, 2009:24). Tekeninge kan as 'n kommunikasie-instrument, 'n verhoudingsbou-hulpmiddel of 'n siftingsinstrument vir seksuele misbruik gebruik word (Faller, 2007:144; Duffy *e.a.,* 2006:156). Dit kan moontlik ook inligting rakende kinders se funksionering of hulle seksuele misbruik ontlok (Duffy *e.a.* 2006:156; Whisnant, 2009:24). Daar bestaan egter verskeie menings in die literatuur oor die kwessie of tekeninge rakende seksuele misbruik geïnterpreteer kan word, omdat die interpretasie van sulke tekeninge op etlike verskillende maniere kan plaasvind (Tielman, 2012:205). Die interpretasie van tekeninge is subjektief van aard (Duffy *e.a.,* 2006:156). Tekeninge kan volgens verskeie studies slegs gebruik word as 'n hulpmiddel om 'n verklaring van seksuele misbruik te fasiliteer (Duffy *e.a.,*

2006:156). Die navorsingsdeelnemers in hierdie studie het die kleuters na kundige persone verwys, sodat die vermoede van seksuele misbruik bevestig of verwerp kon word.

Navorsing bewys dat kleuters wat seksueel misbruik word, sekere fisiese sowel as emosionele simptome toon wanneer hulle seksueel misbruik word (Smith, 2008:1360; Korn, 2004:12; Osandan en Reid, 2015:23). Dit is deur hierdie navorsingstudie bevestig. Die volgende tekens is deur die navorsingsdeelnemers geïdentifiseer: seksverwante gedrag, broek natmaak, huil, sensoriese disfunksie, vrees en gedragsveranderinge. Die genoemde tekens word in hierdie navorsingstudie geassosieer met seksuele misbruik, maar dit kan ook op ander probleme en trauma in kinders se lewens dui.

Literatuur meld dat kleuterskoolonderwysers, sowel as ander professionele en nie-professionele persone 'n gebrek aan kennis ten opsigte van die seksuele misbruik van kinders het (Pelisoli, Herman en Dell'Aglio, 2014:12; Goldman en Grimbeek, 2015; Sinanan, 2011:60). Die navorsingsdeelnemers in hierdie studie het wel oor heelwat toepaslike kennis ten opsigte van seksuele misbruik en die bekendmaking daarvan beskik. Die kleuterskoolonderwyser het kennis gedra van onvanpaste gedrag en/of gedragsverandering by die kleuters. Hulle het aan die kleuters die geleentheid gebied om sodanige misbruik te onthul. Hulle het die regte atmosfeer geskep waarbinne die kleuters hulle seksuele misbruik kon bekend maak en het effektiewe kommunikasie-vaardighede gebruik om inligting rakende die seksuele misbruik by die kleuters in te win. Hulle het ook kennis gedra van voorkomingsprogramme wat hulle kan gebruik om die bekendmaking van seksuele misbruik te fasiliteer. Ten spyte van hierdie kennis het die navorsingsdeelnemers gemeld dat hulle 'n behoefte het aan verdere kennis aangaande fisiese en emosionele tekens wat spesifiek op seksuele misbruik dui, en hoe om dit te hanteer wanneer 'n kleuter seksuele misbruik onthul.Die navorser is van mening dat kleuterskoolonderwysers nie oor voldoende kennis ten opsigte van enkele aspekte van seksuele misbruik beskik nie. Al die navorsingsdeelnemers het die kleuters na spelterapeute verwys, sodat hulle vermoede aangaande moontlike seksuele misbruik bevestig of verwerp kon word. Hierdie verwysing is egter foutief, omdat spelterapeute, terapeuties ingestel is en nie seksuele misbruik kan bevestig of verwerp nie. Forensiese Maatskaplike Werkers is gespesialiseerde professionele persone wat ondersoek rakende seksuele misbruik kan instel. Kleuterskoolonderwysers benodig ook vedere kennis ten opsigte van die definisie van seksuele misbruik, moontlike gevaartekens wat op seksuele misbruik kan dui, watter gedrag as normale en abnormale seksuele gedrag bekou kan word, die hantering van seksuele misbruik, die kontekstuele faktore wat kleuters ondersteun om hulle seksuele misbruik bekend te maak, sowel as hulle wetlike verpligting om seksuele misbruik te rapporteer.

Navorsing beskryf verskeie risikofaktore wat kinders se kanse om slagoffers van seksuele misbruik te wees, verhoog (Smart, 2017:3). Hierdie navorsingstudie bevestig literatuur deurdat van die risikofaktore wat in die literatuur beskryf is, by kleuters wat hulle seksuele misbruik aan die navorsingsdeelnemers in hierdie studie bekend gemaak het, gevind is. Hierdie risikofaktore sluit in: 'n geskiedenis van kindermishandeling, substansafhanklikheid, gesinne met enkel- of ongetroude ouers.

Literatuur bewys en die navorsingstudie ondersteun dat kinders dikwels na kundige persone verwys moet word om die vermoede van moontlike seksuele misbruik te bevestig of te verwerk (APSAC:2012). Onderwysers speel 'n belangrike rol in die identifisering en aanmelding van seksuele misbruik. Onderwysers spandeer baie tyd saam met kinders en daar is 'n groot kans dat kinders hulle seksuele misbruik aan onderwysers sal onthul. Onderwysers moet egter besef dat die hantering van seksuele misbruik 'n spesialiteitesveld is en dat die verkeerde hantering van 'n onthulling groot skade kan veroorsaak.

Die navorser het bevind dat, ten spyte van die literatuur wat uitwys dat kleuters, weens hulle kognitiewe ontwikkelingfase, die onderdomsgroep is wat meer waarskynlik die seksuele misbruik wat hulle ervaar, bekend sal maak, daar min kleuterskoolonderwysers is wat betrokke was toe 'n kleuter seksuele misbruik bekend gemaak het. Dit het tot gevolg

gehad dat die navorser min geskikte navorsingsdeelnemers vir die navorsingstudie kon vind. Die navorser kan slegs spekuleer oor moontlike redes, maar die volgende kan moontlike redes wees waarom min kleuterskoolonderwysers betrokke was toe 'n kleuter seksuele misbruik onthul het:

- In die distrik is daar 'n lae voorkoms van seksuele misbruik.
- Onderwysers beskik nie oor voldoende kennis rakende seksuele misbruik en die tekens wat daarop dui nie. Hulle kan dus nie moontlike seksuele misbruik by kleuters identifiseer nie.
- Onderwysers is bang vir hulle persoonlike veiligheid as hulle, hulle wete van seksuele misbruik bekend sou maak.
- Die kleuterskole en kleuterskoolonderwysers is bang daar word 'n negatiewe stigma van seksuele misbruik aan die kleuterskool gebind, indien hulle aan die navorsingstudie sou deelneem.
- Kleuterskoolonderwysers was nie bereid om aan die navorsingstudie deel te neem nie.
- Die werwingsproses was onsuksesvol.

Deur hierdie navorsingstudie is bevind dat daar verskeie direkte en indirekte kontekstuele faktore is wat kleuters beïnvloed om hulle seksuele misbruik bekend te maak. Met die nodige en voldoende kennis rakende seksuele misbruik, kan kleuterskoolonderwysers 'n kleuter se vertroue wen, die kleuter help om die seksuele misbruik waaraan hulle blootgestel word, bekend te maak, en die kleuters teen verdere seksuele misbruik beskerm.

7. Bibliografie:

American Professional Society on the Abuse of Children. 2012, Practice guidelines: Inve stigative interviewing in cases of alleged child abuse. http://digitalcommons.unl.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1005&context=psychfacpub Geraadpleeg: 7 Januarie. 2019.

Babbie, E. en A. Rubin. 2015. Essential research methods for social work. 4 ed. U.S.A: Lumina Datamatics.

Barth, J., L. Bermetz, E. Heim, S. Trelle, en T. Tonia. 2013. *The current prevalence of child sexual abuse worldwide: A systematic review and meta- analysis. International Journal of Public Health, 58(3), 469–483*. https://doi.org/10.1007/s00038-012-0426-1 Geraadpleeg: 4 November. 2017.

Briggs, F. en R. Hawkins. 1997. Child protection. Sydney: Allen & Unwin.

Casey, E.A. 2017. Sexual Violence Risk and Protective Factors: A Systematic Review of the Literature.https://www.doh.wa.gov/Portals/1/Documents/Pubs/140-164-SexualViolenceRiskProtectiveFactors.pdf Geraadpleeg: 5 Januarie. 2018.

Collings, S.J., S. Griffiths, M. Kumalo. 2005. Patterns of disclosure in child sexual abuse. *South African Journal of Psychology, 35(2):270–285.* https://journals.sagepub.com/doi/abs/10.1177/008124630503500207 Geraadpleeg: 14 April. 2018.

Duffy, C., M. Keenan, K. Dillenburger. 2006. Diagnosing Child Sex Abuse: A research challenge. https://files.eric.ed.gov/fulltext/EJ804010.pdf Geraadpleeg: 4 Januarie. 2018.

Easton, D.S., L.Y. Saltzman, en D.G. Willis. 2014. A Validation Study of the Posttraumatic Growth Inventory Among Survivors of Clergy-Perpetrated Child Sexual Abuse. https://researchgate.net Geraadpleeg: 13 April. 2018.

Esposito, C. 2013. Child sexual abuse and disclosure: What does research tell us? NSW, Family & community services. https://www.facs.nsw.gov.au/__data/assets/File/0003/306426/Literature_Review_How_Children_Disclose_Sexual_Abuse-.pdf Geraadpleeg: Geraadpleeg: 12 November. 2017.

Faller, K.C. 2007. Interviewing children about sexual abuse: controversies and best practice. New York: Oxford University Press.

Finn, C. K. 2011. Forensic nurse experience of receiving child abuse disclosure. https://onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.1111/j.1744-6155.2011.00296.x. Geraadpleeg: 15 November. 2017.

Fisher, B. S., L.E. Daigle, F.T. Cullen, en M.G. Turner. 2003. Reporting sexual victimization to the police and others: Results from a national-level study of college women. *Criminal Justice and Behavior, 30(1), 6-38.* https://journals.sagepub.com/doi/abs/10.1177/0093854802239161 Geraadpleeg: 18 November. 2017.

Goldman, J. D. G., en P. Grimbeek. 2015. Preservice Teachers' Sources of Information on Mandatory Reporting of Child Sexual Abuse. *Journal of Child Sexual Abuse, 24(3), 238–258.* https://doi.org/10.1080/10538712.2015.1009607 Geraadpleeg: 28 Oktober. 2018.

Goodman-Brown, T.B., R.S. Edelstein, G.S. Goodman, D.P.H. Jones en D.S. Gordon. 2003. Why children tell: a model of children's disclosure of sexual abuse. *Child abuse & Neglect, 27(5):525-540.* http://www.nccpeds.com/rotations/AFCCP/Reading%20List/Child%20disclosure/Goodman%20Brown%20disclosure.pdf Geraadpleeg: 31 Oktober. 2018.

Gordon, P. 2012. Sexuality education and the prevention of sexual violence. https://www.coe.int/t/dg3/children/1in5/Source/PublicationSexualViolence/Gordon.pdf Geraadpleeg: 2 Januarie. 2019.

Hershkowitz, I., O. Lanes en M.E. Lamb. 2007. Exploring the disclosure of child sexual abuse with alleged victims and their parents. https://static1.squarespace.com/static/5a120b962aeba581dd692cd4/t/5a584b74e2c483ae829b06fc/1515735925353/Hershkowitz%2C+et+al+-+Disclosure+of+CSA.pdf. Geraadpleeg: 22 April. 2018.

Korn, L. 2004. A literature review on school child sexual abuse prevention programs. http://www2.uwstout.edu/content/lib/thesis/2004/2004kornl.pdf Geraadpleeg: 5 Januarie. 2019.

Kozisek, E.A.H. 2012. Education in sexual abuse prevention: It's not sex ed. http://www.usccb.org/issues-and-action/child-and-youth-protection/child-abuse-prevention/education-in-sexual-abuse-prevention.cfm Geraadpleeg: 23 Desember. 2017.

Krase, K.S. 2013. Educational personnel as reporters of suspected child maltreatment. *Children & Schools, 35(3):147*. https://academic.oup.com/cs/article-abstract/35/3/147/334670?redirectedFrom=fulltext Geraadpleeg: 2 Januarie. 2018.

Lefkowitz, J. 2018. When children disclose sexual abuse. https://www.socialworktoday.com/archive/exc_082712.shtml Geraadpleeg: 4 Januarie. 2019.

London, K., M. Bruck, S.J. Ceci en D.W. Shuman. 2005. Disclosure of a child sexual abuse: What Does the Research Tell Us About the Ways That Children Tell. https://doi.org/10.1037/1076-8971.11.1.194 Geraadpleeg: 21 November. 2017.

Louw, A. en D. Louw. 2007. Child and Adolescent Development. 5th ed. South-Africa: Psychology Publication.

Mathews, B. 2011. Teacher Education to Meet the Challenges Posed by Child Sexual Abuse. http://ro.ecu.edu.au/cgi/viewcontent.cgi?article=1716&context=ajte. Geraadpleeg: 1 November. 2017.

McElvaney, R., S. Greene en D. Hogan. 2012. Containing the secret of child sexual abuse. *Journal of Interpersonal Violence, 27(6):1155–1175.* https://journals.sagepub.com/doi/abs/10.1177/0886260511424503?journalCode=jiva Geraadpleeg: 13 November. 2017.

McElvaney, R., S. Greene en D. Hogan. 2015. To tell or not to tell? Factors influencing young people's informal disclosures of child sexual abuse. *Journal of Interpersonal Violence, 29(5):928–947.* http://digitalcommons.unl.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1058&context=psychfacpub Geraadpleeg: 11 November. 2017.

McGuire, L. 2018. The Role of Education in Preventing Sexual Misconduct. https://www.edutopia.org/article/role-education-preventing-sexual-misconduct Geraadpleeg: 3 Januarie 2019. 2019.

Nance, R. 2009. The importance of early childhood education: Roles of Play, Language, Socialization, Formation of Value. http://www.fwquestclub.com/welcome_files/papers/childhood_education.pdf Geraadpleeg:12 April. 2018.

Nel, L. 2009. Therapeutic Skills and Interventions. United Kingdom: TJ International Ltd.

Newlin, C., L.C. Steele, A. Chamberlin, J. Anderson, J. Kenniston, A. Russell, H. Stewart en V. Vaughan-Eden. 2015. Child Forensic Interviewing: Best Practices. https://www.ojjdp.gov/pubs/248749.pdf Geraadpleeg: 7 Januarie. 2019.

O'Neil Bona, K. 2006. Factors surrouding and influecing primary disclosure in child sexual abuse. https://elischolar.library.yale.edu/ymtdl/254/ Geraadpleeg: 12 April. 2019.

Osandan, R. en E. Reid. 2015. The Importance of Knowing Child Sexual Abuse Symptoms in the Elementary Teacher's Work. https://calio.dspacedirect.org/handle/11212/3422 Geraadpleeg: 5 Januarie. 2019.

Paine, M.L. en D.J. Hansen. 2002. Factors influencing children self-disclose sexual abuse. http://digitalcommons.unl.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1058&context=psychfacpub Geraadpleeg: 11 November. 2017.

Palmer, A en S. Milne. 2015. Understanding the process of child sexual abuse disclosure: What does the research tell us? file:///C:/Users/User/AppData/Local/Packages/Microsoft.MicrosoftEdge_8wekyb3d8bbwe/TempState/Downloads/Understanding_child_sexual_abuse_disclosure%20(1).pdf
Geraadpleeg: 13 Augustus. 2019.

Paris, C. 2013. The Importance of Listening, and Ways to Improve Your Own Skills. https://blog.udemy.com/importance-of-listening/ Geraadpleeg: 6 Januarie. 2019.

Pelisoli, C., S. Herman en D.D. Dell'Aglio. 2014. Sexual abuse research among child abuse proffesionals and laypersons. file:///C:/Users/User/AppData/Local/Packages/Microsoft.MicrosoftEdge_8wekyb3d8bbwe/TempState/Downloads/PelisoliHermanandDellAglio--2014--Childsexualabuseresearchknowledge%20(1).pdf Geraadpleeg: 6 Januarie. 2019.

Pessolano Ehrman, L.A. 2012. Knowing the Signs of Childhood Sexual Abuse and Being Prepared to intervene. https://ed.psu.edu/epcse/counselor-education/newsletters/CounseLion_040212_low.pdf Geraadpleeg: 12 April. 2018.

